26. Teologiese Skool

26.1 RAPPORT VAN DIE KURATORE VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM (Artt.46, 47, 114, 132, 144)

A. Rektor PU vir CHO: Die Voorsitter verwelkom prof. C.J. Reinecke in die vergadering en stel hom aan die woord. Hy stel die nuwe uitdagings en probleme wat die PU vir CHO as Christelike Universiteit in die veranderde SA ervaar en die noodsaak om gerugsteun te word deur 'n simpatieke Christelike gemeenskap. Daar word geleentheid gebied om vrae te stel. Ds. T.A. Liebenberg bedank prof. Reinecke op gepaste wyse en wens hom ook geluk met die toekenning van 'n eredoktorsgraad in Teologie deur die Universiteit Busan in Korea.

B. Die Voorsitter verwelkom die nuwe Registrateur van die TSP mev. C. Swanepoel.

C. Dr. C.F.C. Coetzee stel die Rapport van die Kuratore TSP. Dr. J.L. Ras lig die finansiële aspekte verder toe.

D. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Teologiese Skool en die finansiële aspekte na die Finansiële Kommissie.

E. Ds. P.J. van der Walt rapporteer namens die Kommissie.

F. RAPPORT:

1. Opdrag

Die Kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom

1.1 behartig alle belange van die Teologiese Skool Potchefstroom (Teologiese Skool Boek 1988:2, 2.2.2.3)

1.2 moet oor die stand en behoeftes van die propedeutiese studie aan die PU vir CHO rapporteer (2.8.5 van hierdie verslag)

1.3 moet oor die verslag van die aangewese verteenwoordigers in die Raad van die PU vir CHO rapporteer (2.9 van hierdie verslag).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname deur die Sinode

2.1 Die *Kuratorium*

2.1.1 Die Kuratore het sedert die Sinode van 1994 sewe (7) vergaderings gehou waarvan een 'n konstituerings- en een 'n spesiale vergadering was.

2.1.2 Samestelling van die Kuratorium

Na die sluiting van die Hammanskraalse Teologiese Skool en die Heidelberg Theological Seminary het die volgende Kuratore deel geword van die Kuratorium:

Kuratore	Vanaf
Ds. T.E. Netshitangani	Sinode Soutpansberg
Ds. M.S. Muhali	
Ds. O.T. Serobatse	Sinode Middellande
Ds. M.A. Modise	

Dr. N.P. Heystek Kuratore Hammanskraal/Heidelberg
Ds. G.N.V. Botha

2.2 *Diensverstryking van Kuratore*

Ds. F.R.P. de Bruyn emeriteer 1995 en dr. C.J. Smit het uit die ressort van Part. Sinode Noord-Transvaal verhuis. Dr. J.L. Venter is in die plek van dr. C.J. Smit as Kurator verkies. Dr. D.J.S. Steyn sal as sekundus in die plek van ds. F.R.P. de Bruyn as Kurator dien.

2.3 *Breë Kuratore*

Daar was geen sake waarvoor die Breë Kuratore sedert 1994 opgeroep moes word nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Personeel van die TSP*

2.4.1 Rektoraat (K94-06-15:8.2)

Prof. A. le R. du Plooy is tydens die Kuratorevergadering van 15 Junie 1994 eenparig vir 'n tweede termyn as Rektor benoem met ingang 1 Januarie 1995 tot 31 Desember 1997. Prof. J.H. van Wyk is tydens dieselfde vergadering en vir dieselfde termyn as Vise-rektor benoem. Prof. A. le R. du Plooy is ook met ingang 1 Januarie 1995 as Dekaan benoem. Prof. F.N. Lion-Cachet het tot einde 1994 as Vise-rektor gedien.

2.4.2 Doserende personeel: Toekennings en oorsese besoeke

Kyk ongepubliseerde Bylae A:7.

2.4.3 Publikasies

Kyk ongepubliseerde Bylae A:8.

2.4.4 Emeritaat: Prof. L.F. Schulze

Prof. L.F. Schulze het einde 1994 geëmeriteer. Die Kuratore het tydens die vergadering van November 1994 op gepaste wyse van hom afskeid geneem.

2.4.5 Emeritaat: Prof. F.N. Lion-Cachet

Prof. F.N. Lion-Cachet emeriteer aan die einde van 1996.

2.4.6 Tydelike personeel

Aangesien niemand beroep is as voltydse dosent na die emeritering van proff. L.F. Schulze en J.L. Helberg nie, is daar van die tydelike dienste van predikante gebruik gemaak.

2.4.7 Administratiewe personeel

2.4.7.1 Die Registrateur, dr. P.J. Snyman, het op 30 September 1995 uit diens getree na 18 jare diens aan die TSP.

2.4.7.2 Die Sekretaresse, mev. A.M. Vorster, het op 31 Oktober 1995 uit diens getree na meer as 16 jare diens aan die TSP.

2.4.7.3 Die deeltyds/permanente Sekretaresse, mev. T. Minnaar, het op 30 Junie 1995 uit diens getree na 13 jare diens aan die Fakulteit Teologie/Teologiese Skool.

Die Kuratore en die Deputate van die Administratiewe Buro het op gepaste wyse van bogenoemde persone afskeid geneem en die ondergenoemde nuwe personeellede verwelkom.

Die Kuratore het indringende aandag gegee aan die Administratiewe personeel en die volgende benoemings is gemaak na samesprekings met die Departement Personeeldienste van die PU vir CHO.

2.4.7.4 Mev. C. Swanepoel in die plek van dr. P.J. Snyman as Registrateur

2.4.7.5 Mev. M. Kruger as Sekretaresse van die Registrateur in die plek van mev. A.M. Vorster

2.4.7.6 Mev. C. Postma as Sekretaresse van die Rektor/Dekaan in die plek van mev. T. Minnaar

2.4.7.7 Mev. N. Bothma as deeltyds/tydelike Departementele Sekretaresse om die professore van die Teologiese Skool behulpsaam te wees met hul tikwerk.

Besluit: Kennis geneem met die versoek dat skrywes van waardering gerig sal word aan die volgende persone vir troue diens oor baie jare:. Proff. L.F. Schulze, F.N. Lion-Cachet, dr. P.J. Snyman, mev. A.M. Vorster en mev. T. Minnaar.

2.5 *Buitelandse besoekers*

Die volgende besoekers is aan die TSP ontvang waarvan sommige ook op versoek lesings gelewer het.

1994

Prof. H.J. Klanck van Duitsland
Rev. T. Mkena van Nigerië
Prof. F.D. Craddock van die VSA
Dr. Van Ittersum van Nederland
Prof. K.W. Dahm van Münster Universiteit.

1995

Prof. A. Schoors van Lubbeek, Nederland
Drr. A .Tsagun en Uda Weidt van die Universiteit van Rostock, Duitsland
Ds. Tsjalling Zuidema, emerituspredikant van Grootte Schuilenburg, Nederland.

1996

Prof. en mev. W.H. Velema van die Teologiese Universiteit te Apeldoorn, Nederland het die TSP vanaf 3 tot 13 Mei 1996 besoek waartydens prof. Velema op 10 Mei 1996 die graad Theologiae Doctor (Honoris Causa) tydens die Herfsgradeplegtigheid van die PU vir CHO ontvang het.

2.6 *Donasies*

Sien ongepubliseerde Bylae A:9 vir donasies sedert 1994 ontvang.

2.7 *Seminare*

2.7.1 Winterskool 8 Junie 1994

Seminaar oor samelewingsveranderinge.

2.7.2 Winterskool 27 & 28 Junie 1995

Sentrale tema: Die predikant - sy geloofslewe, persoonlike lewe en bediening.

2.7.3 Winterskool 25 & 26 Junie 1996
Kerk, teologie en aktuele etiese vraagstukke.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.5 tot 2.7.

2.8 *Studente*

2.8.1 Gedurende 1994 het ses (6) studente afgestudeer.

2.8.2 Gedurende 1995 het vier (4) studente afgestudeer.

2.8.3 Gedurende 1996 sal dertien (13) studente na verwagting afstudeer.

2.8.4 Tans (Junie 1996) is twee (2) beroepbare proponente wat einde 1995 afgestudeer het, beroep. Mnre. P.G. Geertsema en E. Mtshayisa is nog nie beroep nie.

2.8.5 Propedeutiese studente op 20 Junie 1996:

BA I 6
BA II 14
BA III 5
Hons 3

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode wys kerke in die lig van KO, art.19 daarop dat hulle voortdurend moet toesien dat genoegsaam studente hulle vir teologiese studie aanmeld.

2.9 *Benoemdes op die Raad van die PU vir CHO*

Die ondergenoemde persone, deur die GKSA benoem, dien tans/het gedien op die PU vir CHO Raad:

Naam	Termyn verstryk	Benoem in plek van	Benoem deur	Nuwe benoemings
Dr. J. Visser	30-06-95		Admin. Buro	
Ds.A.Z. Pelser	30-06-95		Kuratore	
Ds.F.R.P.de Bruyn	30-06-96		Kuratore	Moet benoem Junie 1996
Dr. C.J. Malan	30-06-96		Admin. Buro	Moet benoem Junie 1996
Dr.P.W. Bingle	30-06-97		Kuratore	
Dr. C.J. Smit	30-06-98	Dr.J.Visser	Admin. Buro	
Ds.M.A.Modise	30-06-98	Ds. A.Z. Pelser	Kuratore	

2.10 *Benoeming van 'n Moslem op die Raad van die PU vir CHO*

Die Breë Dagbestuur/Dagbestuur van die Kuratore het aandag gegee aan die benoeming van 'n Moslem op die Raad van die PU vir CHO nadat versoeke hieroor ontvang is van Klassis Potchefstroom, die Deputate vir CO van die Nasionale Sinode en die Deputate vir Christelike Onderwys van die Part. Sinode Wes-Transvaal. Die Breë Dagbestuur/Dagbestuur het samesprekings gevoer met die lede van die Dagbestuur van die Raad van die PU vir CHO en ook 'n Memorandum opgestel vir voorlegging aan die Raad van die PU vir CHO. Die Kuratore het op sy vergadering van

November 1995 kennis geneem van die besluit van die Raad en sy eie besluit geformuleer. Die volle besluit van die Kuratore oor hierdie saak is aan elke plaaslike kerk gestuur asook aan ander persone wat navraag gedoen het. Die volledige besluit van die Kuratore volg hieronder

2.10.1 Besluit van die Kuratore insake die samestelling van die PU-Raad

1. **Aanloop**

1.1 Die Dagbestuur het 'n versoek ontvang vir 'n ontmoeting van die Deputate vir Christelike Onderwys van die Part. Sinode Wes-Transvaal. Hierdie Deputate was bekommerd oor die benoeming van 'n Moslem op die Raad van die PU vir CHO en hulle was van oordeel dat die Kuratorium 'n bepaalde verantwoordelikheid in hierdie verband het. 'n Ontmoeting met 'n subkommissie van die Deputate het op 18 Augustus 1995 plaasgevind.

1.2 By 'n latere geleentheid het die Dagbestuur 'n skrywe (gedateer 11 September) van die Deputate vir Christelike Onderwys van die Nasionale Sinode GKSA ontvang met die versoek om die Memorandum (in 1.3 genoem) asook die resultaat van die ontmoeting (vgl. 1.3) te ontvang.

1.3 Op 13 September het die Dagbestuur 'n openhartige en pastorale gesprek met die Dagbestuur van die Raad gevoer. As gespreksbasis het 'n **Memorandum** gedien wat deur die Dagbestuur Kuratorium voorberei is.

1.4 Op 22 September het die Rektor van die PU vir CHO die Dagbestuur Kuratorium ontmoet en die besluit wat die Raad PU vir CHO op 21 September geneem het, toegelig asook vrae beantwoord.

1.5 Die Dagbestuur Kuratorium het geoordeel dat die Kuratorium inderdaad as sinodaal-aangewese skakeldeputate tussen die kerke en die Universiteit funksioneer en dus 'n bepaalde verantwoordelikheid in hierdie verband het (Dagbestuursnotule, 18-08-1995, 5/1). Daarom is **voorlopige** aandag aan die saak bestee en die nodige informasie ingewin sodat tydens 'n **volle** Kuratorium-vergadering daaroor besluit kan word.

1.6 Op 15 November 1995 het die Rektor van die PU vir CHO die Kuratore toegespreek.

Die Dagbestuur beveel aan dat die Kuratorium soos volg oor die aangeleentheid sal oordeel:

2. **Oorwegings**

2.1 Die Kuratorium **erken** die beginsel van **soewereiniteit/bevoegdheid in eie kring**, dit wil sê dat die Universiteit as selfstandige inrigting nie onder voogdyskap van die kerk staan nie maar as selfstandige inrigting direk aan God verantwoording verskuldig is. Hiermee saam erken die Kuratorium

dat hy kragtens die roeping van alle gelowiges 'n profetiese roeping teenoor die Universiteit besit.
2.2 Die Kuratorium **neem in ag** dat die Regering **wetlik** 'n bepaalde seggenskap in die bestuur van die Universiteit het, maar die Kuratorium is oortuig dat die Universiteit op sy beurt van die Regering kan verwag om die Universiteit se Christelike karakter, wat wetlik vasgelê is, te respekteer.
2.3 Die Kuratorium **bring verder in berekening** dat:
- die Privaatwet (25/1) van die Universiteit bepaal dat die Raad by die aanstelling van **akademiese** en **nie-akademiese personeel** sal sorg dat die Christelik-historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word, maar dat hierdie bepaling nie vir **studente** geld nie (onderhewig aan bepaalde statutêre bepalings) en ook nie op die **Raad** van die Universiteit van toepassing gemaak is nie;
- daar in die verlede ook 'n nie-Christen op die Raad van die PU vir CHO gedien het, maar dat hierdie benoeming geheel buite die beheer van die Raad om geskied het;
- die Raad ruim geleentheid geskep het om aan die Forum 2000 deel te neem maar dat ondersteuners en medestanders die geleentheid waarskynlik nie genoegsaam benut het nie;
- die Raad die name wat die Forum voorgelê het, volgens getuienis op versoek van die betrokke minister aan die minister (sonder kommentaar oor die name) deurgegee het;
- die Raad name bygevoeg en die minister versoek het om slegs diegene te benoem wat die Christelike karakter van die Universiteit sal respekteer. Die Raadsbesluit om sy standpunt oor 'n nie-Christen op die Raad by monde van die Voorsitter en Rektor, persoonlik met die minister te kommunikeer, kon, ten spyte van 'n afspraak met die minister, nie uitgevoer word nie;
- die Raad in 'n uiters moeilike tydsgewrig van politieke spanning en demokratisering 'n moeilike saak omsigtig moes hanteer.
2.4 Die Kuratorium het waardering vir talle aspekte van die Raadsbesluit van 21 September, maar is van oordeel dat een kardinale aspek nie aangeraak is nie, naamlik die vraag of dit prinsipieel verantwoord is dat 'n **nie-Christen** mag dien op die **Raad** van 'n **Christelike** Universiteit.
3. **Bevinding**
3.1 Die Kuratorium bevind dat die benoeming van enige nie-Christen op die Raad as hoogste **beleidmakende** en **bestuursliggaam** van 'n **Christelike** Universiteit 'n anomalie is en in stryd met die karakter en doel van die Universiteit. Dit hang saam met 'n leemte in die Wet wat daarin bestaan dat die wetlike bepaling (beperking) wat by aanstelling van die akademiese en nie-akademiese personeel geld, nie ook op die Raad as hoogste beleidmakende liggaam van die Universiteit van toepassing gemaak is nie.

3.2 Die Kuratore is van oordeel dat die feit dat die beplande gesprek met die Minister deur die lede van die Raad nie kon plaasvind nie, vanweë buitengewone omstandighede, een van die oorsake is waarom 'n duidelik standpunt oor die betrokke persoon nie gestel kan word nie.

4. **Besluit**

4.1 Die Kuratorium **spreek** hom **uit teen** die benoeming van enige nie-Christen op die Raad van die Universiteit, aangesien so 'n benoeming in teenspraak is met die karakter en doel van 'n Christelike Universiteit.

4.2 Die Kuratorium **verseker** die Raad daarvan dat hierdie getuienis nie voortspruit uit 'n gesindheid van godsdiensonverdraagsaamheid of subtiele diskriminasie nie, maar uit die beginsel-oortuiging dat dit 'n anomalie is indien 'n nie-Christen deel kan wees van die hoogste **beleidmakende** en **bestuurs**liggaam van 'n uitgesproke **Christelike** Universiteit.

4.3 Die Kuratorium **spreek sy dank teenoor** die Raad **uit** vir sy voorneme om die Christelike karakter van die PU vir CHO onverswak te handhaaf en **doen 'n beroep** op die Raad om hierdie voorneme altyd gestand te doen. Die Kuratore verseker die Raad dat hulle sy **bona fides** in hierdie saak aanvaar.

4.4 Die Kuratorium **doen 'n beroep op** die Raad om so ver moontlik toe te sien dat in die toekoms slegs Christene op die Raad van die Universiteit benoem sal word. Verder word die Raad versoek om ter gelegenertyd te poog om die Universiteitwet sodanig te wysig dat aan hierdie ideaal uitdrukking verleen kan word.

4.5 Die Kuratorium **verseker** die Universiteit van sy voortdurende voorbidding en volgehoue morele ondersteuning in hierdie tyd van spanning en uitdaging.

5. **Uitvoering**

5.1 Die Kuratorium gee sy besluit aan die Raad PU vir CHO deur.

5.2 Die Kuratorium gee sy besluit op gepaste wyse aan die kerke deur.

5.3 Die Kuratorium gee sy besluit deur aan die twee eerder genoemde Deputategroepe (1.1 en 1.2).

Besluit: Kennis geneem van pte.2.9 en 2.10.

2.11 *Dissiplinêre sake*

2.11.1 Studente

'n Student van Mosambiek se studies is met ingang 11 Oktober 1995 getermineer op grond van die oortreding van die Sewende gebod. Die Sinode spreek sy waardering uit vir die handhawing van goeie dissipline onder die studente.

Besluit: Kennis geneem soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge)

2.12 *Emeritering: Prof. B. Spoelstra ingevolge KO, art.13*

Die Kuratore het die besluit van die Sinode 1994 aan prof. B. Spoelstra deurgegee. Korrespondensie van prof. B. Spoelstra is deur die Dagbestuur beantwoord.

2.13 *Infasering Hammanskraalse Teologiese Skool en Heidelberg Theological Seminary*

2.13.1 Die Hammanskraalse Teologiese Skool en die Heidelberg Theological Seminary het aan die einde van 1994 gesluit en die opleiding is sedert 1 Januarie 1995 by die TSP ingefaseer in ooreenstemming met die besluit van die Sinode 1994. Die Kuratore kan met groot dankbaarheid rapporteer dat die inskakeling van die studente baie goed verloop het.

2.13.2 Korrespondensie is van verskeie kerke en individue ontvang rondom die sluiting van die twee skole en is deur die Kuratore beantwoord. Alle plaaslike kerke is op hoogte gehou.

2.13.3 Die verkoop/verhuur van die geboue van die Hammanskraalse Teologiese Skool is op versoek van die Kuratore deur die Regsdeputate en die Bestuur van die Administratiewe Buro gehanteer.

2.14 *Teologiese opleiding by ander sentra*

Die Kuratore het indringende aandag gegee aan die saak van eenheid in opleiding. Vergelyk Acta 1994:694-495. Samesprekings is gevoer met die Deputate van Opleiding Sinode Middellande en verteenwoordigers van die ondergenoemde sentra.

- Mukhanyo Bybelskool
- Batho-bathostad
- Gereformeerde Sending Richmond
- Gereformeerde Sending Vryheid.

Oor hierdie saak sal verder aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake vir besluitneming deur die Sinode

3.1 *Benoeming van 'n Moslem op die Raad van die PU vir CHO*

Die Sinode word versoek om die optrede van die Kuratore in hierdie verband te bekragtig.

Besluit:

1. Die Sinode bekragtig die optrede van die Kuratore, en spreek sy dank uit vir die ferme en duidelike standpunt wat deur die Kuratore in dié verband ingeneem is.
2. Die Sinode onderskryf volledig die bevinding van die Kuratore in pt.2.10.1 (3) van hulle Rapport.
3. Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor die Rektor en die Raad vir die voorneme om versekering om die Christelike karakter van die PU vir CHO onverswak te handhaaf en bemoedig die Raad om te volhard in die uitdra van die Christelike beginsel in al die vakwetenskappe en om sy roeping hierin onbeskroomd te bly vervul.

4. Die kerke verseker die Raad van hulle voortdurende voorbidding.
5. Die Sinode besluit dat hierdie besluit skriftelik aan die Raad deurgegee word.

3.2 *Samestelling van die Kuratorium*

Die Sinode besluit oor die samestelling van die Kuratorium in die lig van die sluiting van die ander twee skole (kyk Acta 1994:705 en verder).

Besluit: Die Sinode besluit dat die interimreëling (Sinodebesluit 1994, Acta:706, pt.10.1.10.2) gekontinueer word, behalwe dat die twee HTS Kuratore nie weer benoem word nie.

3.3 *Opdrag van die Nasionale Sinode aan die Kuratorium TSP*

Die Sinode word versoek om 1.3 te skrap aangesien dit feitelik nie korrek is nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Finansies

4.1 *Finansiële state*

Finansiële state sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.

Besluit: Kennis geneem.

5. Begroting

5.1 Die begrotings vir 1995, 1996 en 1997 word vir kennisname voorgelê. Kyk ongepubliseerde Bylae A, 10.

5.2 *Hulpfonds:* Daar is skrywes gerig om 'n hulpfonds op die been te bring. Die hulpfonds beloop tans R123 600.

Besluit: Kennis geneem.

G. AANVULLENDE RAPPORT VAN DIE KURATORE VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

1. Opdrag

Vergelyk Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname deur die Sinode

2.1 *Die Kuratorium*

Die Kuratore het sedert Junie 1996 een (1) vergadering gehou op 19 en 20 November 1996.

2.2 *Diensverstryking van Kuratore*

Die huidige Kuratorium vergader op 19 en 20 November 1996 vir die laaste keer voor die aanwysing van die nuwe Kuratore deur die onderskeie Partikuliere Sinodes.

2.3 *Breë Kuratorium*

Daar was geen sake waarvoor die Breë Kuratorium sedert Junie 1996 opgeroep moes word nie.

2.4 *Personeel van die TSP*

2.4.1 Publikasies

Kyk ongepubliseerde Bylae A.6.

2.4.2 Emeritaat: Prof. F.N. Lion-Cachet

In die lig van prof. F.N. Lion-Cachet se emeritering aan die einde van 1996 het die Kuratore op 20 November op gepaste wyse van hom en mev. Lion-Cachet afskeid geneem. Die personeel van die TSP het op hul beurt tydens die TSP-funksie op 21 November van prof. en mev. Lion-Cachet afskeid geneem.

2.4.3 Tydelike personeel

Die TSP het van die dienste van ds. J.L. du Plooy gebruik gemaak vir die tydperk 12 Augustus tot 7 September 1996. Sy opdrag was die aanbieding van twee semesterkursusse in Diakoniologie, naamlik Pastoraal en Kategetiek.

2.4.4 Administratiewe personeel

Die TSP is in die proses om mev. N. Bothma, deeltyds/tydelike departementele sekretaresse, as deeltyds/permanente departementele sekretaresse vir die professore aan te stel met ingang 1 Januarie 1997. Mev. Bothma sal as 'n Universiteitspersoneellid aangestel word, met Universiteitsvoordele, maar haar vergoeding sal vir 1997 deur die TSP bekostig word. Daar sal met die Universiteit onderhandel word vir 'n moontlike bydrae tot haar vergoeding vanaf 1998.

2.5 *Buitelandse besoekers*

Die volgende besoekers is aan die TSP ontvang waarvan sommige ook op versoek lesings aangebied het:

2.5.1 1996

* Prof. E. Talstra van die Fakulteit Teologie, Vrije Universiteit van Amsterdam
* Dr. T. Adeyemo van Ibadjan, Nigerië
* Prof. W.J. Ouweneel van die Evangelische Hogeschool, Amersfoort
* Prof. M. Vervenne van die Universiteit van Leuven, België

2.6 *Studente*

2.6.1 Mnre. P.G. Geertsema en E. Mtshayisa (1995 afgestudeer) het beroepe aanvaar.

2.6.2 Propedeutiese studente

Mnre. J.A. le Roux (BA II) en C. Cloete (BA III) het hulle studies getermineer.

2.6.3 Kandidaatsstudent

Mnr. H.B. Prinsloo (Kandidaats 3) het sy studies gedurende die eerste semester tydelik getermineer.

2.6.4 Toelae-uitbetalings aan voormalige HTS-studente
Toelaes word van Augustus af maandeliks op die 18de van elke maand in studente se rekenings inbetaal sodat hul toelaes die 20ste van elke maand beskikbaar is.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.1 tot 2.6.

2.7 Psigometriese toetsing en keuring van voornemende studente
Die Breë Dagbestuur van die Kuratore het met dank en waardering kennis geneem van die bydrae wat dr. H.N. Kotzé en die personeel van Studentevoorligtingsdiens aan die Fakulteit Teologie/Teologiese Skool lewer. Alle voornemende teologiese studente lê hul psigometriese toetse by Studentevoorligtingsdiens af waarna dr. Kotzé en sy personeel die toetse nasien en dr. Kotzé die uitslae aan die Toelatingskomitee toelig.

Besluit: Kennis geneem, met hartlike dank aan dr. Kotze en sy personeel vir hulle waardevolle werk.

2.8 Dissiplinêre sake
2.8.1 Studente
'n Student van Dennepark Koshuis se studies is met ingang 2 Augustus 1996 getermineer op grond van sy akademiese prestasie en sy gedrag.

2.9 Studiepermitte en visas vir buitelandse studente
R9 720 is uitbetaal vir studiepermitte/visas tot Maart 1998. Die Uitvoerende Komitee van die Universiteit skenk aandag aan die saak van repatriasiegelde wat deur buitelandse studente betaalbaar is.

2.10 Benoemdes op die Raad van die PU vir CHO
Dr. P.W. Bingle, benoem deur die Kuratore, se termyn verstryk op 30 Junie 1997. Die Kuratore het dr. P.W. Bingle tydens hulle vergadering op 19 en 20 November 1996 herverkies as lid van die Raad van die PU vir CHO. Sy volgende dienstermyn strek van 1 Julie 1997 tot 20 Junie 1999.

2.11 Teologiese opleiding by ander sentra
Oor hierdie saak sal verder aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.8 tot 2.11.

2.12 Selfevaluering Fakulteit Teologie
Die Fakulteit Teologie is op 2 en 3 Oktober deur lede van BAS (Buro vir Akademiese Steundienste) en eksterne evalueerders van ander universiteite geëvalueer. Dr. C.F.C. Coetzee het die evalueringsgesprekke as verteenwoordiger van die Kuratore en op uitnodiging van die Fakulteit bygewoon.

Besluit: Kennis geneem.

2.13 *Emeritering: Prof. B. Spoelstra ingevolge KO, art.13*
Geen antwoord is op die skrywes van die Kuratore aan prof. Spoelstra en sy prokureurs ontvang nie.

2.14 *Wysiging ooreenkoms tussen PU vir CHO en GKSA insake vergoeding*
Die Breë Dagbestuur het met die PU vir CHO gesprek gevoer insake algemene salarisaanpassings, maandelikse kerfaanpassings en merietebonusse en daar is eenstemmigheid bereik oor die wyse waarop die vergoeding/traktering voortaan sal plaasvind.
Besluit: Kennis geneem van pte.2.13 en 2.14.

3. Sake vir besluitneming deur die Sinode
3.1 *Toelatingskomitee voornemende BA- en Kandidaatsstudente (BD96-09-30:12.3)*
Oorweging word versoek dat die Breë Dagbestuur van die Kuratore voortaan as Toelatingskomitee funksioneer.
Besluit: Goedgekeur.
3.2 *Deputate vir Kerklike Tydskrifte*
Die Redakteur en Voorsitter van die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* het met die Breë Dagbestuur in gesprek getree insake hul werkslading. Die Breë Dagbestuur het geoordeel dat die Sinodebesluit gekoppel aan KO, art.18 nie meer prakties uitvoerbaar is nie en dat hulle dus nie hulle weg oopsien om professore beskikbaar te stel nie as gevolg van hulle werkslading.
Besluit: Kennis geneem.
3.3 *Teologiese opleiding*
3.3.1 Toekomsbeplanning
Die Kuratore het die Senaat se versoek goedgekeur dat hulle opdrag ontvang om so spoedig moontlik in 1997 'n moontlike herstrukturering van die totale opleiding te ondersoek, met rapport aan die Kuratore van Junie 1997. Die ondersoek sal in oorleg met Fakulteit Teologie gedoen word. In die ondersoek sal onder andere aandag geskenk word aan:
* Studentegetalle
- Hoe studente akademies en prakties verder toegerus kan word om klein kerke tot groter getallegroei te kan lei.
- Hoe studente in hulle finale jaar toegerus kan word om sover moontlik selfonderhoudend te kan wees indien hulle as proponente op 'n beroep sou moet wag.
* Maak van preke deur studente en hulle pastorale versorging
Die Kuratorium versoek die Sinode om aan hul 'n mandaat te gee waarvolgens die Kuratorium in oorleg met die PU vir CHO, wanneer sodanige studie tot bevrediging afgehandel is, die nuut gestruktureerde opleiding kan implementeer.

3.3.2 Saamstel van 'n Teologiese Ensiklopedie
Die Sinode het aan die HTS Kuratore opdrag gegee om 'n Teologiese Ensiklopedie saam te stel. Met die samesmelting van die twee Teologiese Skole en die emeritering van drie van die vier

kommissielede aan wie die saak opgedra was, is die saak nie afgehandel nie.

Besluit: Punt 3.3 word goedgekeur behalwe pt.3.3.2 waarvan afgestap word.

4. Finansies

4.1 *Finansiële state*

Finansiële state sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.

5. Begroting

5.1 Die begroting vir 1997 word vir kennisname/behandeling voorgelê.

TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

BEGROTINGS 1997

	Bedrag begroot 1997
A. Personeel (Administrasie & Doseer)	1 276 597
Traktement (Professore - alles insluitend)	934 799
Aanpassing van 10%	93 480
Admin. personeel & Bibliotekaresse	198 471
Aanpassing vaan 10%	19 847
Ad hoc personeel	30 000
B. Administrasie	42 300
Drukwerk/Skryfbehoeftes	4 800
Fotokopieë/Onderhoud	6 000
Rekenaarfasiliteite/Onderhoud	20 000
Skoonmaakmiddels e.a.	1 500
Vertaling - Diktate	10 000
C. Wetenskapsdeelname	18 000
Uitruildosente/Internas. Konferensies	12 000
Navorsingsprojekte/Publikasies	6 000
D. Subsidies/Toelaes	12 000
Rektorstoelaag	3 500
Vise-rektorstoelaag	2 000
Onthale/Promosie/Aftrede	2 000
Honorarium/Geskenke	500
Kleinkas	4 000
E. Beursekomitee	342 529
	R1 691 426

MIN: Moontlike Inkomste

Donasies, bemakings, hulpfonds	40 000	
Opgehoopte fonds TSP	220 000	260 000
Benodig uit ramings		R1 431 426
Beraamde aantal lidmate		77 000
Raming per lidmaat vir 1997		R18.59
1996		R21.96
1995		R19.87

BEGROTING - BEURSEKOMITEE 1997

Huisvesting - Dennepark		174 075
Maaltye		290 000
Klasgelde		170 450
Honneurs Bybelkunde		6 000
Registrasiegelde		9 900
Boekelenings		30 000
Mediese reserwe		20 000
Reiskostes		42 704
Prakties/Konferensies/Preke	17 150	
Visas/Studiepermitte	17 554	
Privaat reiskoste	4 000	
Zaïre studente	4 000	
TSV/Koffie en Tee studente		3 400
Sakgeld		20 000
Teologiese Studentekas		230 000
		R 996 529

Moontlike inkomste vir Beursekomitee

Kollektes (7 per jaar)	200 000
Sinode Soutpansberg	15 000
Sinode Middellande	15 000
Huur HTS geboue (±)	144 000
Teologiese Studentekas	230 000
Bydrae uit hulpfonds	50 000
Vanuit TSP begroting	342 529
	R996 529

Opmerking

* Indien die HTS-geboue eersdaags verkoop word teen die prys van R1,5 miljoen, kan 'n konserwatiewe rente die moontlike inkomste aansienlik versterk. Teen slegs 12% rente kan R180 000 verkry word in plaas van die huur.

* Hulpfonds: Die hulpfonds beloop tans R137 000.
Besluit: Die besluite oor die begroting van die TSP verskyn by die Rapport van die Bestuur van die Administratiewe Buro (18.2) - Deputate Handelinge.

26.2 RAPPORT VAN KURATORE HAMMANSKRAALSE TEOLOGIESE SKOOL 1994 (Artt.48, 132, 169)

A. Ds. G.N.V. Botha stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die finansiële aspekte van die Rapport word verwys na die Finansiële Kommissie. Die res van die Rapport word verwys na die Kommissie Teologiese Skool.
C. Ds. P.J. van der Walt rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool oor punt 1 van die Rapport. Oudl. J.J. Howell rapporteer namens die Finansiële Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Sake vir kennisname deur die Sinode

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Die behartiging van alle belange van die HTS (Acta 1994:682)

1.1.2 Toesig en samewerking met ander sentra vir opleiding van Sinode Middellande (Acta 1994:695)

1.1.3 Of professore HTS reeds vanaf 1.7.1994 by Pensioenfonds van PU vir CHO mag inskakel (Acta 1994:696).

1.1.4 Moontlikheid van gratifikasie aan administratiewe personeel. Kan uit reserwefonds of gesamentlike begroting 1995 bekostig word (Acta 1994:696).

1.2 *Kuratorium*

1.2.1 Die samestelling van die Kuratorium (Acta 1994:734) is aangevul deur di. M.A. Modise en O.T. Serobatse namens Sinode Middellande.

1.2.2 Die Kuratore het op 10 Januarie (met die oog op konstituering), 14 Junie en 17 November 1994 vergader.

1.2.3 Tydens die konstituering is die Dagbestuur soos volg verkies: ds. G.N.V. Botha (voors.), dr. N.P. Heystek (onder-voors.), dr. I.L. Bekker (skriba) en ds. C.G. van der Merwe (adj.-skriba). Die Dagbestuur het 7 keer afsonderlik vergader.

1.2.4 Gedurende die jaar is op gepaste wyse afskeid geneem van ds. H.G. Kruger wat tot einde 1993 as voorsitter van die Kuratore gedien het.

1.2.5 Tydens die laaste vergadering is ds. G.N.V. Botha en dr. N.P. Heystek verkies as Kuratore vir TSP tot einde 1996 met ds. C.G. van der Merwe en dr. S.J. van der Merwe as sekundi.
Ds. Botha en dr. Heystek is aangewys om saam met die Rektor en Vise-rektor as voortsettingskomitee op te tree vir die afhandeling van sake tot met die oorgang na Potchefstroom, en ook as rapporteurs by Sinode 1997.
1.3 *Personeel*
1.3.1 Akademiese personeel
1.3.1.1 Rektoraat: prof. J.H. van Wyk het as rektor en prof. J.M. Vorster as Vise-rektor gedien. Die addisionele reëlings met die oog op die oorgang na TSP het van beide broeders, veral van die Rektor, besonder baie geverg.
1.3.1.2 Emeritering prof. M.A. Kruger: In oorleg met die Kuratore TSP en die Deputate Emeritaatsfonds is goedgekeur dat prof. Kruger einde 1994 emeriteer, eerder as om totdat hy 65 word vir enkele maande in 1995 na TSP oor te gaan. Sy waardevolle bydrae sedert 1978 tot die dienswerk aan die HTS, is tydens die sluitingsfunksie dankbaar erken.
1.3.1.3 Deeltydse dosente: ds. B.G.C. Fourie, mev. R. Schuring, drr. I.L. Bekker, P.J. Buys en prof. L.J. Botha het deeltyds hulp verleen.
1.3.1.4 Afgesien van ander konferensies en werkgemeenskappe wat die professore bygewoon en insette gelewer het, het proff. M.A. Kruger en J.M. Vorster ook in Junie 1994 'n internasionale konferensie in Nederland bygewoon en daar voordragte gelewer.
1.3.1.5 Dit het geblyk nie moontlik te wees om professore reeds gedurende 1994 by die Pensioenfonds van die PU vir CHO in te skakel nie (1.1.3 hierbo). Alle ander reëlings vir inskakeling vanaf 1.1.1995 is tydig getref.
1.3.2 Administratiewe personeel en ander werkers
1.3.2.1 Almal in diens van die HTS is begin 1994 in kennis gestel van die beoogde sluiting, en is die geleentheid gegee om ander poste gedurende die jaar te aanvaar indien verkies. Billike finansiële skeidingspakkette is onder leiding van die Finansieskommissie met elkeen beding en uit die fondse van die HTS betaal (kyk 1.1.4 hierbo).
1.3.2.2 Personeelwisseling: mev. Alta Joubert wat die Boekhouding behartig het, het in Februarie bedank. Mnr. P.J.J. Potgieter wat in haar plek as Boekhouer diens aanvaar het, het gedurende die jaar ernstige gesondheidsprobleme ervaar.
1.3.2.3 Ds. P.J.L. du Plessis as deeltydse registrateur, en mevv. M. Labuschagne (sekretaresse en huismoeder), S. Kruger (Bibliotekaresse) en I. du Plessis (tikster) het lojale diens aan die HTS gelewer. Daar is ook opregte waardering vir die jarelange

troue werk van mevv. Evelyne Malebye, Bettie Phago en William Bathonzi.

1.4 Studente

1.4.1 Met die sluiting van die HTS was daar

in BA I : 5 studente
BA II : 12
BA III : 5
Th.B I : 3
Th.B II : 6
Th.B III: 4

Drie studente het aan die einde van 1994 hulle studie voltooi, t.w. N.J. Masakona, M.F. Maguga en K.M. Kabongo.

1.4.2 Besondere aandag is gegee aan die voorbereiding van die studente vir die oorgang na die TSP, en om te verseker dat alle aspekte van hulle toerusting met so min as moontlike ontwrigting op Potchefstroom kan voortgaan. Die hartlike en bekwame samewerking van personeel van die PU vir CHO en die TSP hierin verdien vermelding.

1.4.3 Student K.M. Kabongo het na die voltooiing van sy studie na Zaïre teruggekeer. Uit die noodmaatreëls wat op die laaste oomblik vir die vervoer van die gesin en hulle besittings getref moes word, het geblyk hoe noodsaaklik duidelike ooreenkomste hieroor met buitelandse studente is.

1.5 *IBEVA*

Die eerste publikasie van die *Instituut vir die Bestudering van Etiese vraagstukke in Afrika* het, in samewerking met *In die Skriflig*, verskyn van die hand van prof. J.H. van Wyk oor *Die Mensbeskouing by Calvyn, en ander mensbeskouings*. Prof. Van Wyk sal die moontlikheid om hierdie belangrike werk voort te sit, opneem met die Fakulteit Teologie.

1.6 *Toesig oor opleiding by ander sentra*

Aan die uitvoering van die besluit van Sinode 1994 (Acta:695) is slegs voorbereidend aandag gegee. Die Kuratore TSP is versoek om hiermee voort te gaan.

1.7 *Oorgang na TSP*

1.7.1 Boeke en meubels: In oorleg met die Dagbestuur TSP is gereël dat alle boeke, meubels, rekenaars en ander toerusting na Potchefstroom vervoer is, met die uitsondering van enkele items soos gordyne en tuingereedskap wat verkoop is.

1.7.2 Geboue: Die verkoop van die geboue te Hammanskraal kon nie afgehandel word voor die oorgang na Potchefstroom nie. In oorleg met die Dagbestuur TSP is gereël dat die Regsdeputate sal voortgaan met onderhandelinge oor die verhuring en verkoop van die geboue.

1.8 *Finansiële sake*

1.8.1 Afsluiting van die boekhouding : 31 Januarie 1995

1.8.1.1 Die HTS het amptelik op 31 Desember 1994 gesluit. Aangesien die trek na TSP en ander sake egter nog in Januarie 1995 afgerond moes word, is die boekhou-afsluiting uitgestel tot 31 Januarie 1995.
1.8.1.2 Ter wille van die afsluiting van die boeke en die oordrag van moontlike beskikbare fondse na die TSP, is die volgende stappe geneem:
1.8.1.2.1 Dormante (rustende) poste se batige saldo's is oorgeplaas na die inkomste-rekening bv. die meublementvervangingsfonds, aankoop van toerustingsfonds, kombuisfonds, ens.
1.8.1.2.2 Die donasies wat deur die jare as trustfondse vir hulp aan studente geskenk is (R59 797), en uit die rente waarvan jaarliks meriete-beurse betaal is, is gekonsolideer en as 'n afgeronde bedrag van R60 000 op spesiale belegging geplaas.
1.8.1.3 Aangesien die finansiële jaar van die HTS gestrek het oor die periode 1 Julie tot 30 Junie, is in oorleg met die ouditeure besluit om die oudit te laat doen vir die periode 1 Julie 1993 - 31 Januarie 1995.
1.8.1.4 'n Batige saldo van R32 981 is einde Januarie 1995 na die Admin. Buro oorgeplaas vir aanwending by die TSP.
1.8.2 Gratifikasies
1.8.2.1 Aan administratiewe personeel en werkers:
Uitvoering is gegee aan die besluit van Sinode 1994 (Acta:696, 4.4) met die uitkering van gratifikasies vir n totale bedrag van R35 882.68 (vgl. 1.3.2.1). Die totale bedrag is uitbetaal uit die reserwefondse van die HTS.
1.8.2.2 Aan prof. M.A. Kruger (vgl. 1.3.1.2):
As vergoeding vir verlies aan traktering vir 1995, is by sy vervroegde emeritering aan die einde van 1994 'n gratifikasie ten bedrag van R80 000 vir prof. Kruger goedgekeur. Daarvan het die HTS R50 000 en die TSP R30 000 bygedra. Hierdie reëling het 'n besparing van nagenoeg R120 000 vir die boekjaar 1995 meegebring sonder dat prof. Kruger skade gely het.
1.9 *Afsluiting HTS*
Op die volgende wyse is gepoog om reg te laat geskied aan die geskiedkundige belangrikheid van die sluiting van die HTS en die eenwording met die TSP:
1.9.1 Jaarblad 1994: Die laaste uitgawe van die *Jaarblad* is as 'n feesblad uitgegee onder die redaksie van prof. M.A. Kruger.
1.9.2 Die laaste promosieplegtigheid op 17 November 1994 het saamgeval met die laaste vergadering van die Kuratorium HTS, en is gereël as 'n dankgeleentheid. Die rede by hierdie geleentheid is gelewer deur die Kanselier van die PU vir CHO, mnr. F.W. de Klerk, en die slotoordenking deur prof. J.A. van Rooy.
Ootmoedige dank en lof is aan God toegebring vir sy heerlike sorg, vir groei wat Hy geskenk het, vir almal wat Hy aan die HTS in sy

diens gebruik het, en vir die vaste hoop dat Hy vir die voortgang van die toerustingswerk sal sorg.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 1.

2. Sake vir besluitneming deur die Sinode

2.1 *Finansiële sake*

2.1.1 Finansiële state en verslag van die ouditeure (hierby aangeheg vir opname as deel van die Rapport).

2.1.1.1 VERSLAG OOR DIE FINANSIëLE STATE VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 1993 TOT 31 JANUARIE 1995

1. Die finansiële state vir die bogemelde tydperk word soos volg voorgelê:

1.1 Ontvangstes- en Betalingsrekening waarin ontvangstes en uitbetalings vir die tydperk onder oorsig weergegee word.

1.2 "Beursfonds": Ontvangstes- en Betalingsrekening vir die tydperk 1 Julie 1993 tot 31 Januarie 1994.

1.3 Balansstaat op 31 Januarie 1995

Die vaste bates word aangetoon teen waardasie op 31 Junie 1976 plus byvoegings teen kosprys. Geen voorsiening vir waardevermindering is geskep nie.

2. Verslag van die Ouditeure

Ons het die aangehegte Ontvangstes- en Betalingsrekening nie geouditeer nie. Na ons mening is die rekening na behore opgestel volgens die beste van ons kennis en wete en verduidelikings aan ons verstrek en soos deur die boeke van die Teologiese Skool aangetoon.

Grobler en de Klerk.

ONTVANGSTES-EN BETALINGSREKENING VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 1993 TOT 31 JANUARIE 1995

KONTANT BESKIKBAAR OP 1 JULIE 1993	217 230
Lopende rekening	108 089
Vaste beleggings	109 141
ONTVANGSTES	1 418 821
Bydrae Administratiewe Buro	1 108 822
Rente	17 477
Donasies	150 908
- Studente beurse	89 814
- Ander	61 094
Verhuur van saal	859
IBEVA	5 000
Studieskuld	5 372

Huwelikshulp vir studente	630
Hulpkas vir studente	11 140
Vergoeding vir traktement - Bybelgenootskap	438
Buitelandse studentefonds	46 030
Subsidie PU vir CHO	35 000
Onkoste verhaal - Klasgeld	10 567
Ander inkomste	26 578
	1 636 051
UITBETALINGS	
ADMINISTRASIE	53 533
Bankkoste	428
Vergoeding ouditeure	4 407
Reiskoste Kuratore	40 697
Administratiewe, reis- en ander koste	8 001
GEBOUE, TERREIN EN TOERUSTING	73 353
Elektrisiteit	36 386
Instandhouding	27 792
Studente wooneenhede	574
Versekering	3 790
Toerusting	4 811
SENAAT	85 567
Kantoorbenodigdhede	17 159
Onthaalkoste	600
Opfrissingskursusse	432
Publikasies	8 145
Reiskoste - Professore	8 615
- Studente	5 430
Rektorstoelaag	1 625
Studenteraadtoelaag	1 070
Telefoon	18 476
Biblioteek	24 015
STUDENTEKAS	313 163
Buitelandse studente	126 759
Beurse	119 285
Boekbeurse	23 000
Hulpkas vir studente	44 119
TRAKTEMENTE, SALARISSE EN LONE	1 044 143
Professore:	
- Traktemente	460 950
- Reiskoste	70 863
- Telefoontoelae	1 790
- Boektoelae	9 680
- Behuisingsubsidie	46 678

- Mediese hulpfondsbydrae	29 749
- Versekering	10 253
- Enkelbedrag	60 000
- Deeltydse dosente:	
- Doseergeld	45 520
- Reiskoste	14 192
Registrateur en hulpregistrateur:	
- Vergoeding	24 561
Salarisse	
- Bibliotekaresse en hulp	51 241
- Sekretaresse	48 967
- Tikster	40 477
- Boekhoudster	65 847
Lone:	
- Opsigter	2 100
- Kombuiswerkster en arbeiders	61 275
TOTALE UITBETALINGS	1 569 759
KONTANT BESKIKBAAR OP 31 JANUARIE 1995	66 292
Lopende fondse	
	1 636 051

BEURSFONDS

ONTVANGSTES- EN UITBETALINGSREKENING VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 1993 TOT 31 DESEMBER 1995

KONTANT BESKIKBAAR OP 1 JULIE 1993	1 894
Lopende rekening	
ONTVANGSTES	146 243
Beursfonds	117 187
Rente	415
Boekbeurse	23 000
Boekverkope	641
Hulpkas	5 000
UITBETALINGS	148 137
Beurse uitbetalings	110 929
Boekaankope	8 412
Reiskoste	3 156
Registrasiegeld - PU vir CHO	6 930
Sweetpakke	4 050
Hulp aan studente	14 633

Bankkoste	27
KONTANT BESKIKBAAR OP 31 DESEMBER 1994	NUL
Lopende rekening	

BALANSSTAAT OP 31 JANUARIE 1995

KAPITAAL BESKIKBAAR		**30.6.93**
Opgehoopte fondse	**552 684**	605 639
Ander fondse	**59 797**	59 797
- Bylae "A"		
Vervangingsfonds	-----	8 072
Hulpkas vir studente	-----	16 349
Huwelikshulpkas vir studente	**2 830**	2 200
IBEVA	**5 000**	5 000
Kombuisfonds	-----	1 300
Sinode Beursfonds	-----	12 497
Beursfonds	-----	1 894
Buitelandse studentefonds	-----	36 570
	620 311	744 318

AANWENDING VAN KAPITAAL		**30.6.93**
VASTE BATES	**554 019**	525 194
- Volgens Bylae "B"		
LIKIEDE BATES		
Debiteure		
- Volgens Bylae "C"	**33 311**	-----
Beursfonds	-----	1 894
- Lopende rekening		
Teologiese Skool		
- Lopende fondse	**32 981**	108 089
- Beleggings	-----	109 141
	620 311	744 318

Bylae "A"

ANDER FONDSE

	30.6.93	
I L Bekker Studiefonds	**671**	671
Tijmiena de Gooijerfonds	**7 000**	7 000
Andries Turkstra Gedenkfonds	**1 250**	1 250
Idyll van der Waltfonds	**2 000**	2 000
Brooklyn Studiefonds	**1 000**	1 000
L P Steynfonds	**24 983**	24 983
C van der Merwefonds	**4 000**	4 000
F A Malanfonds	**2 000**	2 000
J S van der Merwefonds	**8 593**	8 593
Z L Smitfonds	**7 500**	7 500
D J du Plessisfonds	**800**	800
	59 797	59 797

Bylae "B"

VASTE BATES

	30.6.93	
Vaste eiendom	**332 095**	327 285
Biblioteek	**134 939**	110 924
Meublement en toebehore	**86 985**	86 985
	554 019	525 194

Bylae "C"
DEBITEURE

Sendingkommissie	- Warmbad	17 847
-	Ga Rankuwa	3 000
-	Rietvallei	2 020
-	Mamelodi	465
-	Die Moot	4 635
-	Andeon	1 075
-	Eloffsdal	50
	29 092	
Administratiewe Buro		4 219
		33 311

2.1.1.2 FINANSIëLE STATE HAMMANSKRAALSE TEOLOGIESE SKOOL 31 JANUARIE 1995

Ons wil graag die volgende sake soos bespreek met dr. N.P. Heystek en ds. G.N.V. Botha op 24 Junie 1995 op skrif stel oor bogenoemde aangeleentheid.

1. Ander Inkomste R26 578

Die bedrag verteenwoordig geld wat gebank is sonder die nodige identifisering van die bronne vanwaar dit ontstaan het. Ons kan gevolglik geen opinie uitspreek met betrekking tot die volledigheid of korrektheid van die inkomste nie.

2. Oorskryding van beskikbare fondse

In die volgende fondsrekeninge is die kontant wat daarvoor beskikbaar was, oorskry:

Hulpkas vir studente	12 683.43
Beursfonds vir studente	15 083.09
Buitelandse studente	44 159.37
TOTAAL	71 925.89

Geen stawende bewysstukke en magtiging van uitbetalings is aan ons voorgelê nie, gevolglik kon ons geen van die uitbetalings bevestig nie. Die oorskrydings is teen opgehoopte fondse van die skool verreken.

3. Meubelment vervangingsfonds R8 072

Die saldo van fonds is oorgeplaas na die opgehoopte fonds van die Skool aangesien die vervangingsfonds oënskynlik nie 'n verdere doel dien nie.

4. Studente ander kerkefonds R8 545,31

Die saldo op die fonds is afgeskryf as 'n inkomste.

5. Kleinkas R600

Die bedrag is afgeskryf as "kantoorbenodigdhede" aangesien die kontant blykbaar nie meer bestaan nie en daar ook geen aanduiding is wat van die kleinkas-saldo geword het nie.

6. Ander fondse volgens balansstaat R67 627

Die onderskeie fondse waarvan 'n bylaag by die balansstaat geheg is, word nie meer volledig deur kontant gedek nie. Alle kontantmiddele is waarskynlik aangewend om die uitgawes van die Teologiese Skool en die oorskrydings gemeld in paragraaf 2, te finansier.

Indien u enige verdere inligting verlang, sal ons graag van u verneem. Ons sluit ook ons rekening hierby in vir u vriendelike aandag.

GROBLER EN DE KLERK.

2.1.2 Aantekeninge by die Finansiële state en verslag:
Ter verduideliking van die sake wat die ouditeure in hulle skrywe van 20 Julie 1995 noem (hieronder na verwys by 2.1.2.2 tot 2.1.2.6), kan die volgende vermeld word:
2.1.2.1 Agtergrond:
Met die boekhouer, mnr. P.J.J. Potgieter is ooreengekom dat hy die nodige bewysstukke aan die ouditeure sou besorg. Nadat die stukke afgelewer is, het die ouditeure laat weet dat sekere bewysstukke ontbreek. 'n Soektog deur die houers wat intussen van Hammanskraal na Potchefstroom vervoer is, het slegs een, weliswaar belangrike, kwitansieboek opgelewer.
Tydens 'n vergadering saam met die Dagbestuur van die Admin. Buro en die ouditeure op 9 Februarie 1996, het geblyk dat rekenaardrukstukke van die ouditeure wat in die kluis by die TSP geplaas is, ook nie opgespoor kon word nie.
Verder word ook nog vermis: Sommige lêers van mev. Joubert, twee groot salarisboeke en die boek met sertifikate wat uitgereik is vir donasies vir die Hammanskraal Trust.
Die ouditeure het bevind dat die bewysmateriaal wat wel beskikbaar was, genoegsaam is om 'n bevredigende rekonstruksie van die inkomste- en uitgawe-rekeninge, die joernaal en balansstaat saam te stel. Die ouditeure bevind dan ook geen bedrog of kwaadwillige optrede in die saak nie.
2.1.2.2 "Ander inkomste R26 578:
Die R26 578 sluit 'n bedrag van R15 000 in wat volgens besluit van die Trustees uit die HTS Opleidingsfonds na die lopende rekening oorgeplaas is. Hierdie Trustfonds is gestig om aan donateurs belastingvoordele te kan bied en minstens 75% van die inkomste moes jaarliks tot voordeel van die HTS aangewend word (vgl. Acta 1994:680).
Aangesien twee kwitansieboeke nie in die oudit in berekening gebring kon word nie, is dit nie moontlik om die bron waaruit die restant van R11 578 ontvang is, te identifiseer nie.
Dit is gerusstellend om te weet dat deeglike kontrole en beheer uitgeoefen is by die oopmaak van pos en die inskrywing van deposito's.
2.1.2.3 "Oorskryding van beskikbare fondse"
Hierby moet in berekening gebring word:
(1) Die kwitansieboek wat nog vermis word, maak dit moeilik om te kan bepaal presies watter bedrag vir die onderskeie fondse ontvang is en tot watter mate elke fonds oorskry is
(2) Gedurende 1994 het die bydraes van kerke en individuele lidmate baie afgeneem aangesien dit bekend was dat die HTS nie afsonderlik gaan voortbestaan nie.
(3) Die behoeftes van studente het sodanig gestyg dat in Maart 1994 besluit is om die beurse met 17.5% te verhoog

(4) Die Dagbestuur het die verantwoordelikheid gehad om in die behoeftes van die studente te voorsien uit fondse wat tot beskikking van die HTS is
(5) Die trek van student Kabongo het nagenoeg R8 000 meer bedra as wat verwag is.
2.1.2.4 "Meublementvervangingsfonds" en "Studente ander kerkefonds" : kyk 1.8.1.2.1 hierbo.
2.1.2.5 "Kleinkas R600.00"
Die bedrag is deur die Boekhouer aangewend vir skoonmaak-, reis- en ander kleiner uitgawes tydens en na die trek, met goedkeuring van die voorsitter van die Finansieskommissie, dr. N.P. Heystek.
2.1.2.6 "Ander fondse volgens balansstaat R67 627:
Die bedrag is waarskynlik saamgestel uit die R60 000 Trustfondse op spesiale belegging (kyk 1.8.1.2.2 hierbo), die Ibeva-fonds van R5 000 en die restant van die "Huweliksfonds".
By die opmerking van die ouditeure dat die beskikbare kontant nie die bedrag van R67 627 dek nie, moet die volgende in berekening gebring word:
(1) Indien die bedrag van R32 981 wat ten behoewe van die TSP aan die Admin. Buro oorbetaal is, by die Debiteure (Bylae B) getel word, is R66 292 beskikbaar.
(2) Die HTS het uit eie fondse R50 000 bygedra tot die gratifikasie aan prof. Kruger.
(3) Die HTS het uit eie fondse R35 882.68 as gratifikasie aan die personeel en werkers uitbetaal.
(4) Die R60 000 belegging wat die boekhouer op eie gesag opgeroep het toe in Desember 1994 'n tekort aan kontantfondse ontstaan het, is egter verkeerdelik gedoen, en moet reggestel word. Aangesien daar bewyse is dat hierdie bedrag in die HTS rekening inbetaal is, en vir verskillende noodsaaklike uitgawes gebruik is, moet hierdie bedrag uit HTS-fondse terugbetaal word in 'n afsonderlike fonds sodat die rente vir teologiese opleiding gebruik kan word in ooreenstemming met die oorspronklike bedoeling.
'n Gedeelte van die bedrag sal waarskynlik oorbetaal kan word uit die banksaldo (nadat alle uitbetalings en gereserveerde fondse in berekening gebring is) en wat van Debiteure verhaal kan word, en die balans uit die fondse wat uit die verkoop van die HTS-kompleks verkry word.
2.2 *Aanbevelings*
2.2.1 Die Sinode spreek hom uit oor die sake genoem in 2.1 hierbo.
2.2.2 Die Sinode reël in oorleg met die Ouditeure Grobler en De Klerk vir die sluiting van die HTS Opleidingsfonds.

E. RAPPORT FINANSIëLE KOMMISSIE

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

1.1 Dat met groot spyt kennis geneem word van die omstandighede wat daartoe gelei het dat sekere belangrike dokumentasie verlore geraak het wat daartoe aanleiding gegee het dat 'n gekwalifiseerde verslag van die ouditeure soos van toepassing op die periode 01 Julie 1993 tot 31 Januarie 1995 uitgereik moes word.

1.2 Dat die verslag van die ouditeure wel meld dat hulle geen bedrog of kwaadwillige optrede bevind nie.

1.3 Dat uit die betrokke Finansiële State dit duidelik is dat die volgende fondse deel was van die gelde wat na die sluiting van die H.T.S. oorgeplaas is na die rekeninge van die T.S.P.:

Studiefonds	R59 797
Huwelikshulpkas vir Studente	R 2 830
IBEVA (Instituut vir die Bestudering van Etiese Vraagstukke in Afrika)	R 5 000

1.4 Dat daar nie akkurate en rekeningkundige korrekte rekordhouding bestaan van die oorplasing van die netto bates van die H.T.S. na die T.S.P. nie.

Besluit: Kennis geneem van pte.1.1 tot 1.4.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 Die Studiefonds wat met trustgelde opgebou is, plus rente, bereken teen 'n billike beleggingskoers, gereken vanaf 01 Julie 1993, moet onverwyld herstel word tot die bedrag van R59 797.

Besluit: Hierdie punt word verwys na die Bestuur van die Admin. Buro om alle aspekte en veral die regsimplikasies te ondersoek en dien ooreenkomstig te besluit oor die aanwending van die bedrag.

2.2 Die opbrengs van die Studiefonds is geoormerk vir studiebeurse en moet so aangewend word.

Besluit: Hierdie punt word verwys na die Bestuur van die Admin. Buro om alle aspekte en veral die regsimplikasies te ondersoek en dien ooreenkomstig te besluit oor die aanwending van die bedrag.

2.3 Die fonds vir IBEVA (Instituut vir die Bestudering van Etiese Vraagstukke in Afrika) in die bedrag van R5 000 word by die Administratiewe Buro geplaas om vir die oorspronklike doel aangewend te word.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 Die Huwelikshulpkas vir Studente in die bedrag van R2 830 word oorgeplaas na die Kas vir Teologiese Studente.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 Debiteure wat, as gevolg van die feit dat daar geen rekord is van die skuldoorsaak nie, nie gevorder kan word nie, word afgeskryf.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 Die bates van die H.T.S. wat in die Balansstaat soos op 31 Januarie 1995 aangedui word as Biblioteek (R134 939) en Meublement en toebehore (R86 985) en reeds oorgeplaas is na die T.S.P. en Administratiewe Buro moet dadelik in die bateregister van die T.S.P. en die Administratiewe Buro opgeneem word en dit, tesame met ander bates soos die debiteure en vaste eiendom moet in die Balansstaat van die T.S.P. en die Administratiewe Buro gereflekteer word.

Besluit: Goedgekeur.

2.7 Enige skuldverpligtinge waarvoor die H.T.S. verantwoordelik mag wees en wat voor 31 Januarie 1998 deur krediteure bewys kan word, sal deur die T.S.P. afgehandel word uit die opbrengs van die verhuring/verkoop van die vaste eiendom van die H.T.S., asook uit die kontantbedrag van R32 981 wat reeds na die rekening van die T.S.P. oorgeplaas is en verdere bedrae wat moontlik as deel van die uitstaande debiteure in die bedrag van R33 311 gevorder mag word.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 Die ouditeure word versoek om die Hammanskraalse Opleidingsfonds Trustrekening amptelik af te sluit.

Besluit: Goedgekeur.

26.3 BESWAARSKRIF : PROF. B. SPOELSTRA TEEN SINODEBESLUIT 1994 (ACTA:651-655, 3.4 EN G) (Artt.41, 230)

Die vergadering gaan in komitee.

A. Die Voorsitter stel die saak aan die orde nadat die Ondervoorsitter aan die vergadering gestel het dat prof. Spoelstra hom telefonies meegedeel het dat hy verkies om nie teenwoordig te wees bloot om die Beswaarskrif te stel nie. Hy sou wel graag die Kommissie wil ontmoet.

B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word vewys na Kommissie Beswaarskrifte.

C. BESWAARSKRIF

1. Die besluit waarteen ek beswaar maak, is hierbo aangedui en trek saam in die beswaar teen G punt 4. Die besluit is direk op sinodevlak geneem en ek dien my beswaar volgens KO, art.30 ook direk by die volgende Sinode in.

2. Die aangeleentheid was en is vir my persoonlik, pynlik en ontwrigtend. Die vorige Sinode het dit in komitee behandel asof ek aan 'n misdaad skuldig was. Ek behou my die reg voor om

persoonlik of deur middel van regsverteenwoordigers volledige stukke by die volgende Sinode in te dien.

3. Ek voer nou reeds teen die besluit aan:

3.1 Die besluit verkrag geldende arbeids- en kontrakreg en regverdige en billike prosedures m.b.t. ontslag van personeel. Die besluit administreer nie bestaande reg nie, maar lê nuwe reg neer (vgl. G 4.2) en maak dit op my van toepassing.

3.2 Die besluit verkrag relevante kerkreg soos bewoord in bepaalde Kerkorde-artikels waarvan die Kuratorium sommige na 'n soortgelyke ontslagbesluit in Junie 1992 in November 1992 eerbiedig het. Die Sinode van 1994 was aan dieselfde reg as die Kuratorium gebonde soos wat ek op hulle aandrang in 'n Ondertekeningsformulier onderskryf het (Pienaar, s.j:57). 'n Sinode wat hom sinodokraties bo die reg verhef, openbaar die valse kerk (NGB, art.29).

3.3 Die Sinode van 1994 het die kerklike reg t.o.v. my diens nie nagekom deur daarvoor te begroot nie, maar dit ter syde gestel met 'n beroep op belange en patroon van 'n sekulêre derde party, naamlik die PU vir CHO, 'n idee oor gewoontereg en in belang van vir my onbekende derde persone. Die verpligting van die PU vir CHO teenoor die GKSA kragtens die kontraktuele verband is buite rekening gelaat.

3.4 Die Sinode het vir sy besluit die normale prosedure vir eervolle emeritering uit diens in die GKSA (of wedersydse onderhandeling soos selfs deur die PU vir CHO by aanbieding van 'n pakket gevolg) geskend en sonder om my te hoor ontslaan.

3.5 Die besluit bots met besluite van vorige Sinodes oor hoe die diens van professore en sogenaamde "rasionalisasie" beheer moes word. Ek het tydens die Sinode aan ds. A.J. du Plessis KO, art.30 voorgehou en beweer die ontslag nie by die Sinode tuishoort nie. Sonder voordrag van die Senaat of Kuratorium oor my doseer- en navorsingswerk is ek sinodokraties ontslaan.

3.6 Indien die Kuratorium in November 1992 my beswaar teen ontslag op regsgronde gehandhaaf het, maar bedoel het dat die Sinode 1994 die reg ter syde moes stel op grond van beleid en belange en houdinge van die PU vir CHO teenoor my en my diens na ouderdom 65, verwys ek na die groot aantal raadslede van die PU vir CHO in die Kuratorium en Moderamen van die Sinode 1994 wat nie hulle belange in die besluite oor my diens verklaar het nie.

4. Ek het in 1970 diens aanvaar as professor in die GKSA onder die Reglement van Sinode 1967:273, 12 en reëls wat by emeritaat vir predikante geld. Daar is nooit met my ooreengekom om op ouderdom 65 af te tree nie (vgl. Acta 1982:215-218, my onderhandelinge met die Kuratorium TSP toe hulle my dienste in 1988 verlang het, Acta 1994:652; aftree-ouderdom professore in

buitelandse kerke wat ook KO, art.13 onderhou, ens.). Ek is op 8 Januarie 1994 in volle diens en pligte op die Sinode ontvang en as adviseur gebruik. Ek het skriftelik verskoning gevra om die laaste twee dae afwesig te wees weens siekte van my skoonmoeder. Die Sinode het my nooit teruggeroep, gehoor maar my ontslaan asof ek op 31 Desember 1993 uit diens getree het. In die Notule van die Sinode wat dr. C.J. Smit en ds. A.Z. Pelser aan my oorhandig het (en wat ek eers agterna met ontsteltenis gelees het), staan dat ek met "terugwerkende krag" op 31.12.93 ontslaan is. Die gepubliseerde Acta (1994:655, 4.1) laat die woorde om onverklaarbare rede weg.
5. In die lig van die onreg aan my naam en eer gepleeg deur summiere en terugwerkende ontslag en finansiële skade wat ek daardeur en deur behandeling (wat verskil van die van ander kollegas by verpligte aftrede) gely het, vra ek vriendelik dat die volle onderhoud waarop ek op ouderdom 70 aan die einde van Januarie 1997 geregtig sou gewees het, aan my uitbetaal word.
Dit is my innige wens dat die saak buite die hof geskik sal word.

D. Ds. J.P.B. van der Walt rapporteer namens die Kommissie. Die beswaarde is afwesig en het toestemming gegee dat dit in sy afwesigheid bespreek kan word.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE

1. Opdrag
Beswaarskrif prof. B Spoelstra teen Sinodebesluit 1994 (Acta:651-655, 3.4 en G) insake sy emeritering.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 *Werkswyse*
2.1.1 Dokumente nagegaan:
2.1.1.1 Ter saaklike notules van Kuratoriumvergaderings 1988-1996.
2.1.1.2 Ter saaklike notules van Dagbestuursvergaderings van die Kuratorium 1988-1996.
2.1.1.3 Korrespondensie tussen die beswaarde en bg. vergaderings 1988-1996.
2.1.1.4 Ter saaklike kommissierapporte van bg. vergaderings 1988-1996.
2.1.1.5 Actas van Sinodes 1970-1994.
2.1.1.6 Prokureursbrief van die beswaarde se prokureur.
2.1.2 Die kommissie het die beswaarde en sy regsverteenwoordiger ontmoet en hulle het volle geleentheid gehad om hulle saak te stel.

2.1.3 Die beswaarde en sy regsverteenwoordiger het verklaar dat hulle tevrede is dat hulle hul saak volledig kon stel.
2.1.4 Alle tersaaklike inligting is bekom.
2.1.5 Oudl. S.C. Heystek is deur die kommissie versoek om sekere inligting te verskaf.
2.2 *Historiese verloop*
2.2.1 Die beswaarde dien as professor aan die HTS vanaf 1970.
2.2.2 In 1988 word hy beroep as professor aan die TSP.
2.2.3 Na ontvangs van die beroepsbrief doen hy o.a. navraag (brief gedateer 20-7-1988) oor sy eventuele emeritering:
"Die vraag is dus of die Kuratorium, gesien die buitengewone leeftyd en wyse waarop die beroep na my kom, bereid sou wees om toepassing van Sinode 1979 (art.43. p.193, vgl. Acta 1982:217, 2.3) in my geval te oorweeg?"
Bg. besluit van Sinode 1979 is as volg: " Die professore tree normaalweg af op ouderdom 65. By voorlegging van bevredigende getuigskrifte oor gesondheid en werkvermoëns kan die Kuratorium in oorleg met die PU vir CHO die diens van jaar tot jaar verleng."
2.2.4 Die Dagbestuur van die Kuratorium ontmoet die beswaarde (vgl. Notule Dagbestuursvergadering 8-8-1988) en beantwoord sy vraag as volg: "Die Dagbestuur bring vir kennisname die versoek van prof. Spoelstra onder die aandag van die Kuratore en het aan prof. Spoelstra geantwoord dat so 'n versoek nie nou nie, maar eers eventueel by die aftreedatum op 65 kan behandel word (vgl. Sinodebesluit insake aftree-ouderdom, Acta 1979:193)"
2.2.5 Prof. Spoelstra aanvaar die beroep na die TSP (brief gedateer 22-8-1988).
2.2.6 Op 24-6-1992 besluit die Kuratorium: "Prof. B. Spoelstra emeriteer gewoonweg op 65 jarige leeftyd. Die enigste rede waarom hy nie sy werk kan voortsit nie, is omdat die Kerke hom nie na 65 as professor aan die TSP kan versorg nie." (vgl Notule Kuratorium pt.8.2)
2.2.7 Prof. Spoelstra vind die besluit onaanvaarbaar. Op advies van die Breë Dagbestuur van die Kuratorium (notule 5-10-1992, pt.7) wend hy hom tot die Kuratorium met 'n beswaarskrif teen die besluit aangehaal in 2.2.6 van hierdie rapport.
2.2.8 Die beswaarskrif slaag op die Derde Beswaargrond omdat die Kuratore KO, art.13 nie toegepas het in die lig van Sinode 1979 e.a. toepaslike Sinodebesluite nie, terwyl by implikasie 'n reëling volgens KO, art.11 getref is. (vgl. bevinding van kommissierapport goedgekeur volgens Notule Kuratoriumvergadering 18-11-1992, pt.6.2).
2.2.9 Die versoek van die beswaarde (brief 23-3-1992) om hom vir verdere dienswerk aan te stel is dus weer de novo ter tafel. 'n Kommissie word aangewys om prof. Spoelstra te ontmoet "om die besluit van die Kuratore insake sy beswaarskrif aan hom oor te dra

en met hom samesprekings te voer insake die eventuele voortsetting van sy diens" (vgl. Kuratorium Notule 18-11-1992, pt.6.2).
2.2.10 Die resultaat van die samesprekings van bg. kommissie is dat die diens van prof. Spoelstra aan die TSP voortgaan "totdat die Nasionale Sinode 1994 daaroor uitsluitsel gee."
(vgl. Kuratorium Notule, pt.6.2, p.15 en pt.2 in die kommissieverslag wat goedgekeur is)
2.2.11 Prof. Spoelstra se diens in 1993 word voortgesit teen verminderde vergoeding soos met hom ooreengekom. (vgl. Notule Kuratorium 18-11-1992, pte.6.2, p.14 en 10.6)
2.2.12 In 'n brief van 16-3-1993 deel die PU vir CHO prof. Spoelstra mee dat sy aanstelling tot 31-12-1993 bekragtig is, maar dat daar geen vergoeding van die kant van die PU vir CHO verbonde is aan die aanstelling nie.
2.2.13 Sinode 1994 besluit: "In die lig van bg. beredenering en bevindinge besluit die Sinode dat die diens van prof. Spoelstra aan die TSP nie na 31-12-1993 verleng word nie. As blyk van waardering van sy dienste, word 'n gratifikasie aan hom uitbetaal." (Acta 1994:655, 4.1)
2.2.14 Op 14-1-1994 besluit die Kuratore (Notule, pt.15) as volg:
"1. Na bespreking besluit die vergadering om dr. C.J. Smit en ds. A.Z. Pelser te versoek om prof. Spoelstra in te lig oor die besluit van die Sinode m.b.t. sy diens as professor aan die TSP (vgl. voorlopige Notule 56, art. 220).
2. Verder om hom in die lig van genoemde besluit van die Sinode te adviseer om volgens KO, art.13 aansoek om emeritering te doen."
2.2.15 In 'n brief gedateer 15-1-1994 vra prof. Spoelstra sy emeritaat aan. Ofskoon hy sekere besware noem, sluit hy af met die woorde: "Ek het geen ander keuse as om die besluit te aanvaar nie en in die lig daarvan vra ek my emeritaat as professor in die GKSA aan."
2.2.16 In 'n brief gedateer 17-1-1994 stel hy die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand in kennis "dat dit vir my nodig geword het om op grond van ouderdom my emeritaat as professor in teologie aan die Teologiese Skool op Potchefstroom aan te vra."
2.2.17 In 'n brief gedateer 20-1-1994 gerig aan die Kuratorium skryf prof. Spoelstra: "Ek berus daarby dat ek soos ander broeders (wat waarskynlik met die verstandhouding beroep was, wat met my nie die geval was nie - dat ek op ouderdom emeriteer. Ek word daarin op sinodale advies gelyklik met ander broeders behandel (KO, art.17). Ek waardeer ook die R20 000 wat die Sinode aan my bewillig het, wat my traktement vir 1993 ongeveer gelyk met die van my kollegas bring."

Hy bring egter ook 'n diskrepansie na sy mening onder aandag van die Kuratorium t.o.v. sy aftrede voor ouderdom 70, asook sekere finansiële aspekte.
2.2.18 In twee afsonderlike briewe gedateer 4-2-1994 gerig aan die Dagbestuur beweer die broeder dat hy "summier met terugwerkende krag op 31-12-1994 ontslaan was" en bedank in die ander brief die uitnodiging na sy "amptelike afskeid".
2.2.19 Op die Dagbestuursvergadering van 21-3-1994 dien die verslag van ds. A.Z. Pelser en dr. C.J. Smit oor hulle besoek aan prof. Spoelstra (Notule, pt.6.1):
"Ds. A.Z. Pelser en dr. C.J. Smit rapporteer mondeling dat hulle geoordeel het dat dit nie goed sou wees om weer 'n besoek aan prof. Spoelstra te bring nie. Hulle versoek dat die tjek saam met 'n waarderingsbrief aan prof. Spoelstra gestuur word.
Die vergadering keur dit goed en versoek ds. Pelser en dr. Smit om uitvoering daaraan te gee."
2.2.20 In 'n brief gedateer 14-4-1994 skryf prof. Spoelstra dat hy die brief en honorarium wat aan hom gestuur is nie kan aanvaar nie.
2.2.21 Op 21-6-1994 word 'n brief deur die skriba van die Kuratore aan prof. Spoelstra gerig wat in pt.3 as volg lui:
"Indien u sou meen dat u versorging deur die Kerke nie billik en genoegsaam was en is nie, word u vriendelik gevra om met die Breë Dagbestuur van die Kuratore in gesprek te tree en dit skriftelik volledig te motiveer."
2.2.22 In 'n brief gedateer 25-10-1994 antwoord prof. Spoelstra op bg. versoek: "Punt 3 van u besluit stel my in die posisie van 'n armlastige wat ek nie bereid is om te aanvaar nie. Ek vra nie gunste nie, maar my reg en die opheffing van 'n bilaterale kontrak deur bilaterale oorleg. Die Alwyn du Plessis-Kommissie het my kardinale vrae nie beantwoord nie."
In pt.4 van die brief word die moontlikheid van 'n regsgeding genoem: "Ek stel dit dat ek aan die een kant so graag as ek lewe nooit in 'n regsgeding met die GKSA betrokke sou wou raak nie."
2.2.23 Die Kuratorium antwoord per brief gedateer 26-4-1995 en bied aan dat 'n kommissie van die Breë Dagbestuur prof. Spoelstra sal besoek indien hy bereid is om hulle te ontvang.
2.2.24 Geen reaksie van prof Spoelstra is ontvang nie.
2.2.25 Die Kuratorium ontvang 'n brief gedateer 6-6-1995 van die prokureurs Spoelstra en Nel in opdrag van prof. Spoelstra.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Beredenering

3.1 Toe die beswaarde die beroep aanvaar het van die HTS na die TSP, het hy getoon dat hy bereid is dat die Sinodebesluit 1979 (Acta 1979:193, 43) op hom van toepassing gemaak word. (vgl 2.2.3-2.2.5 van hierdie rapport).

3.2 Die beswaarde het beswaar gemaak teen die Kuratore se besluit van 1992 t.o.v. sy emeritering omdat die Kuratore nie opgetree het volgens die Sinodebesluit 1979 nie. (vgl. 2.2.6-2.2.8 van hierdie rapport).
3.3 Die Kuratorium het binne sy reg, en billik opgetree om die saak van emeritering van professore na die Sinode as sy opdraggewer te verwys.
3.4 Die beswaarde beweer dat sy saak nie deur die Sinode nie, maar deur die Kuratore afgehandel moes word.
Die professore is egter aan al die Kerke gelyklik verbonde en daarom kan die Sinode as vergadering van al die Kerke handel oor die diens van die professore indien die Kuratorium die Sinode daartoe versoek. Hier is dus geen sprake van sinodokratiese optrede soos die beswaarde beweer nie.
3.5 Die beswaarde se opvatting dat hy "blykbaar ontslaan" is (vgl. 2.2.18 van hierdie rapport), is nie korrek nie.
3.5.1 Die Kuratorium het sy dienstyd verleng tot 31-12-93.(vgl. 2.2.10 en 2.2.12 van hierdie rapport).
3.5.2 Die beswaarde moes dit verstaan het, want die kommissie van die Kuratore het sy verminderde vergoeding na samesprekings met hom vasgestel vir 1993.(vgl. 2.2.11 van hierdie rapport).
3.5.3 Die beswaarde het ook 'n brief van die PU vir CHO ontvang i.v.m. sy aanstelling tot 31-12-1993. (vgl. 2.2.12 van hierdie rapport).
3.5.4 Soos aangetoon in die voorgaande verwysings in pte.3.5.1 tot 3.5.3 is al die sake met die beswaarde beredeneer en ooreengekom deur die kommissie van die Kuratorium met die duidelike verstandhouding dat Sinode 1994 uitsluitsel sal gee.
3.5.5 Dit moes dus duidelik gewees het vir die beswaarde dat die besluit van Sinode 1994 sou bepaal of hy verder in diens gestel sou word aan die TSP, of dat hy aansoek vir sy emeritaat moes doen.
3.6 Ten spyte van sy besware het die broeder tog die besluit van Sinode 1994 aanvaar sowel as die advies wat die Kuratore aan hom gegee het in die hantering en afhandeling van die saak na die besluit van Sinode 1994. (vgl. 2.2.14-2.2.17 van hierdie rapport).
Met sy aanvaarding van die gratifikasie erken die beswaarde billikheid in die behandeling wat hy ontvang. Tog redeneer hy net daarna weer dat dit eintlik net die betaling is van die bedrag wat hy te min ontvang het vir 1993, al het hy self daartoe ooreengekom om vir verminderde traktement te werk.(vgl. 2.2.11 en 2.2.17 van hierdie rapport).

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 3.

4. Bevinding

4.1 *Beswaargrond 3.1*

4.1.1 Die beswaarde voer aan dat "geldende arbeids- en kontrakreg en billike prosedures m.b.t. ontslag van personeel" verkrag word deur die Sinodebesluit 1994.

Wanneer die Sinode as vergadering van al die Kerke waaraan die "personeellid" gelyklik verbonde is, volgens sy besluite (Acta 1979:193, 43) waaraan die "personeellid" hom verbind het (vgl. 2.2.3-2.3.5 en 3.1 van hierdie rapport) optree, hou die Sinode by "regverdige en billike prosedures m.b.t. ontslag van personeel".

4.1.2 Die beswaarde beweer die Sinode 1994 "lê nuwe reg neer (vgl. G4.2) en maak dit op my van toepassing".

Die besluit waarna verwys word lê geen nuwe reg neer nie, maar handhaaf die bestaande reg volgens KO, art.13 soos gereël in Sinodebesluit 1979. Dit bepaal dat diensverlenging van professore na 65 jarige ouderdom slegs mag gebeur met "hoë uitsondering" as die noodsaaklikheid aangetoon kan word. Dit herbeklemtoon wat reeds aangetoon was in die rapport wat voor Sinode 1979 gedien het (vgl. Acta 1979:193, E 1b) en onderstreep weer die "kan" in Sinodebesluit 1979:193.

Aanbeveling: Beswaargrond 3.1 slaag nie.

Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

4.2 *Beswaargrond 3.2*

4.2.1 Die beswaarde beweer dat die kerkreg verkrag word omdat sy beswaar teen die Kuratoriumbesluit op kerkregtelike gronde gehandhaaf is, terwyl Sinode 1994 dieselfde besluit geneem het as die Kuratorium in 1992.

Hierdie bewering is ongeldig. Die beswaarskrif van die beswaarde het slegs geslaag op EEN grond, nl. die derde grond van sy beswaarskrif, omdat die Kuratore KO, art.13 toegepas het sonder inagneming van Sinode 1979 e.a. Sinodebesluite en dit toe verkeerdelik gemotiveer het met die inhoud van KO, art.11 (vgl. 2.2.8 van hierdie rapport).

Sinode 1994 pas KO, art.13 toe soos van toepassing op professore van die TSP volgens besluit van Sinode 1979 (Acta 1979:193) waartoe die beswaarde hom in 1988 verbind het (vgl. 2.2.3 en 2.2.4 van hierdie rapport).

4.2.2 Uit die voorafgaande van hierdie rapport blyk duidelik dat Sinode 1994 by die Kerkorde en Sinodebesluite hou en hom dus nie "sinodokraties" bo die reg verhef nie.

Aanbeveling: Beswaargrond 3.2 slaag nie.

Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

4.3 *Beswaargrond 3.3*
4.3.1 Dit is nie geldig dat Sinode 1994 volgens die beswaarde se bewering die kerklike reg t.o.v. sy bediening nie nagekom het nie deur nie daarvoor te begroot nie, aangesien die Sinode 1994 besluit het om die beswaarde nie verder as professor in diens te stel nie.
4.3.2 Die besluit van Sinode 1994 om die Beswaarde se diens as professor nie te verleng nie, is nie geneem "met 'n beroep op belange en patroon van 'n sekulêre derde party, naamlik die PU vir CHO nie, ook nie in belang van vir my onbekende derde persone nie", maar op grond van die besluit van Sinode 1979:193 (vgl. ook in die verband Acta 1994, pt G pte 1 en 2).
Hierby moet ook opgemerk word dat die Kuratore geen voorlegging gedoen het aan Sinode 1994 om die beswaarde se diens te verleng nie.
4.3.3 "Die verpligting van die PU vir CHO teenoor die GKSA kragtens die kontraktuele verband" waarna die beswaarde verwys, was nie meer op hom van toepassing nie (vgl. 2.2.12 van hierdie rapport).
Aanbeveling: Beswaargrond 3.3 slaag nie.
Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

4.4 *Beswaargrond 3.4*
4.4.1 Die beswaarde beweer Sinode 1994 het "die normale prosedure vir eervolle emeritering uit diens van die GKSA geskend" maar voer geen bewys aan om sy bewering te staaf nie.
4.4.2 Die beswaarde beweer die Sinode 1994 het hom sonder om hom te hoor "ontslaan".
Die bewering is ongeldig omdat die prosedure vir emeritering van professore aan die TSP vasstaan volgens KO, art.13 saamgelees met die besluit van Sinode 1979:193. Volgens genoemde besluit KAN die KURATORIUM of Sinode op versoek van die Kuratore die dienstyd van professore verleng as dit uiters noodsaaklik is. Nadat die beswaarde se dienstyd een jaar verleng was, op sy versoek, was daar geen motivering aangebied vanaf die Kuratorium van die TSP wat verdere verlenging van sy diens noodsaaklik gemaak het nie.
Aanbeveling: Beswaargrond 3.4 slaag nie.
Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

4.5 *Beswaargrond 3.5*
4.5.1 Die beswaarde lewer geen bewys dat die Sinode 1994 se besluit in botsing is met vorige Sinodebesluite "oor hoe die diens van professore en sogenaamde rasionalisasie" beheer moes word nie.

4.5.2 Daar het geen voordrag van die Senaat of Kuratorium oor die beswaarde se doseer- en navorsingswerk gedien nie, soos ook met ander professore wat geëmeriteer het, omdat daar geen noodsaak was waarom die beswaarde se diens verleng moes word nie.
Aanbeveling: Beswaargrond 3.5 slaag nie.
Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

4.6 *Beswaargrond 3.6*
Dit is geen beswaargrond nie, maar slegs 'n stelling sonder bewyse.
Aanbeveling: Beswaargrond 3.6 slaag nie.
Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

4.7 *Beswaargrond 4*
4.7.1 Die beswaarde beroep hom op die Reglement vir Professore van die HTS waaronder hy diens aanvaar het as professor aan die HTS in 1970 (vgl. Sinode 1967:237, pt.12) waarvolgens professore op 65 kon en op 70 moes emeriteer. Hy beweer dat daar nooit met hom ooreengekom is om by die TSP op 65 te emeriteer nie.
Die beswaarde het egter met sy navraag en beroepsaanvaarding na die TSP hom self gestel onder KO, art.13 gelees saam met Sinodebesluit 1979:193 (vgl. pte. 2.2.3-2.2.5 van hierdie rapport).
4.7.2 Die beswaarde is reg dat hy op "8 Januarie 1994 in volle diens en pligte op die Sinode ontvang en as adviseur gebruik" is. Die diens wat gelewer word as adviseur is nêrens in die Gereformeerde Kerkreg verbind met “aanstelling in aktiewe diens” nie. Professore en Predikante kan optree by meerdere vergadering as adviseurs, ongeag of hulle geëmeriteerd is aldan nie (vgl. KO, art.42).
Die volgende skriftelike dokumente toon egter dat die beswaarde die besluit van Sinode 1994 aanvanklik aanvaar het:
a) Sy persoonlike aanvraag om emeritaat (brief gedateer (15-1-1994).
b) Sy kennisgewing aan die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Waterkloofrand insake emeritering (brief gedateer 17-1-1994).
c) Sy aanvaarding van die gratifikasie van R20 000 (brief gedateer 20-1-1994).
d) Die aanvaarding van die emeritaatsuitkering vanaf 1-1-1994.
Dit is onbegryplik waarom die broeder na al bogenoemde handelinge besluit het om 'n beswaarskrif teen Sinode 1994 se besluit te oorweeg, veral in die lig van die “vriendelike uitnodiging” in die brief van die Kuratore gedateer 25-6-1994.
4.7.3 In die lig van die beredenering in pt. 3 van hierdie rapport moes dit beslis duidelik gewees het vir die beswaarde dat die

besluit van Sinode 1994 sou bepaal of sy diens verleng sou word nie.

Aanbeveling: Beswaargrond 4 slaag nie.

Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

5. Beswaargrond 5

5.1 Punt 5 van die beswaarskrif is nie 'n beswaargrond nie, maar 'n versoek dat volle onderhoud aan die beswaarde uitbetaal sal word as sou hy in diens van die GKSA gewees het tot op 70 jarige ouderdom.

5.2 Ofskoon die beswaarde dit noem dat 'n hofgeding moontlik uit die saak kan voortspruit, word die saak nie deur die Sinode 1997 met sekulêre regsgronde beoordeel nie, maar volgens KO, art. 30.

5.3 In die lig van al die relevante gegewens is die beswaarde na die oordeel van die kommissie nie ongelyk behandel nie.

Aanbeveling: Beswaargrond 5 slaag nie.

Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

6. Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie.

Besluit: Die Sinode keur die aanbeveling van die Kommissie goed.

ADDENDUM

Die kommissie beveel aan dat indien daar na Sinode 1997 enige verdere aksies uit die saak voortvloei, die Kuratorium opdrag kry om dit te hanteer en af te handel.

Die Kuratorium kan lede van die kommissie wat die saak beoordeel het, koöpteer.

Besluit: Die Sinode aanvaar die aanbeveling van die Kommissie. Die Deputate vir Regsaangeleenthede kry opdrag om die moontlike implikasies van die nuwe arbeidswetgewing vir die dienskontrak, diensvoorwaardes en diensbeëindiging van predikante en professore volgens KO, artt.11, 12,13 en 79, 80 te ondersoek. Die Deputate moet daarna die kerke en die Kuratorium adviseer oor die wyse waarop diensbeëindiging in die lig van bogenoemde artikels gereël kan word sodat die kerke en Kuratorium nie blootgestel is aan eise wat teen hulle ingestel kan word nie.

Die vergadering word weer oopgestel.

26.4 BESKRYWINGSPUNT : PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL : VERHOUDING TSP EN PU VIR CHO (Artt.44, 182)

A. Ds. S.A. Cilliers lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Teologiese Skool.
C. Ds. P.J. van der Walt rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt:

Om die Nasionale Sinode 1997 om advies te vra of die samestelling van die Raad van die PU vir CHO betekenis het vir die verhouding van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) met die PU vir CHO, in die lig daarvan dat die Raad van die PU vir CHO 'n sinkretiese voorkoms gekry het.
En indien die Nasionale Sinode 1997 bevind dat daar wel betekenis vir die verhouding van die Teologiese Skool met die PU vir CHO is, of die Nasionale Sinode dit onder die aandag van die Kuratorium gaan bring by wyse van opdrag aan sy Deputate op die Kuratorium.

2. Motivering

2.1 Die Raad van die Universiteit is onlangs hersaamgestel (Bylae A). Besonderlik het die Minister van Onderwys vier nuwe persone op die Raad benoem kragtens die wetlike status van die PU vir CHO. Hierdie persone is dr. E. Sooliman, prof. A. Small en ene Bricks Phage van die Departement van Onderwys in die Noordwes Provinsie. Die vierde lid wat aangewys is, is ook 'n "verteenwoordiger" van die Noordwes-owerheid, maar is blykbaar verlof deur sy werkgewer geweier om die aanstelling te aanvaar.
2.2 Die PU vir CHO is 'n selfstandige inrigting en die betrokke Minister is ingevolge toepaslike wetgewing bevoeg om vier Raadslede na eie keuse aan te wys.
2.3 Die aanstelling van dr. Sooliman het wye aandag getrek, veral in die Gereformeerde kerkverband, omdat hy 'n Moslem is. Dr. C.F.C. Coetzee van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom het onlangs in *Die Kerkblad* 'n oproep op kerke gedoen om by die Minister beswaar te maak teen die aanstelling van dr. Sooliman.
2.4 Intussen het die nuutsaamgestelde Raad op 21 September 1995 vergader waarna 'n verklaring uitgereik is (Bylae B). Daarvolgens het die Raad besonderlik oor en na aanleiding van die aanstelling van dr. Sooliman bespreking gevoer. Uit die verklaring blyk dat die aanstelling van dr. Sooliman onvoorwaardelik en eenstemmig deur die Raad aanvaar is.
2.5 Oor die ander aanstellings word in die verklaring niks gesê nie en die indruk is derhalwe geregverdig dat die Raad ook die aanstellings onvoorwaardelik aanvaar.

2.6 Prof. A. Small is blykbaar wel Christelik-geneigd. Hy is volgens sy eie woorde "geen kerk-Christen" nie, maar 'n "groot Jesus-fan" (Bylae C).
2.7 Oor die ander twee benoemings is daar geen onmiddellike duidelikheid nie, hoewel dit blyk uit persberigte dat hulle ANC-verbonde is, moontlik waar kan wees.
2.8 Terwyl daar geen bedoeling is om op die terrein van die selfstandige PU vir CHO te oortree nie, het die nuwe toedrag van sake vir die GKSA betekenis vanweë die ooreenkoms tussen die GKSA se Teologiese Skool en die PU vir CHO.
2.9 Die werklikheid is nou dat die Teologiese Skool van die GKSA 'n baie nou verband het met 'n Universiteit wat tans deur 'n Raad van 20 (moet 21 wees) beheer word waarop drie benoemde lede sit wie se godsdiens:
* of heeltemal vyandig teenoor die Christendom en die kerk van Christus staan (die Islam)
* of volgens openbare uitspraak 'n ander soort Christelikheid aanhang wat eintlik in stryd is met die Belydenisskrifte van die GKSA
* of van wie daar minstens geen getuienis oor hulle oortuiging bestaan nie.
2.10 Dit lê nie op die weg van 'n enkele Kerk of selfs 'n Klassis om oor hierdie saak uitspraak te gee nie. Die beheer oor die Teologiese Skool geskied immers deur die Kuratorium wat uit Deputate vanuit elke Partikuliere Sinode die aangewese kerklike vergadering is om die betrokke saak te hanteer.

Besluit: Die Sinode besluit soos volg oor die Beskrywingspunt:

1. As advies word gegee die bevinding en die besluit van die Rapport van die Kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom (vgl. Rapport van die Kuratore pt.2.10 (3) en (4)).
2. Die Sinode neem nie die bewoording en motivering van die Beskrywingspunt vir sy rekening nie.

26.5 BESWAARSKRIF PROF. F.N. LION-CACHET MET BETREKKING TOT DIE AARD, SAMESTELLING EN DIE PLEK VAN DIE PROFESSORE OP DIE VERGADERING VAN DIE KURATORE (Artt.30, 184)

A. Prof. F.N. Lion-Cachet lig die Beswaarskrif toe.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte.

C. BESWAARSKRIF

Hierdie Beswaarskrif, was as mosie op die tafel van die Senaat van die TSP ingedien is en later op kerkregtelike gronde na 'n Beswaarskrif verander is, is in die vergadering van die Kuratore

bespreek. Die gedagte was dat die Kuratore daaroor sou besin en die saak dan op die Sinodetafel sou bring.

Die Kuratore het as volg besluit: Notule van die Kuratorevergadering op 19 en 20 November 1996, art.21 "Prof. F.N. Lion-Cachet: Mosie insake samestelling en funksie van die Kuratorium (vgl. art.14.2).

Prof. F.N. Lion-Cachet kry die geleentheid om sy mosie en die prosedure wat hy in gedagte het, toe te lig.
Besluit: die Kuratore adviseer prof. Lion-Cachet om die saak direk by die Sinode aanhangig te maak."

Die rede waarom die Beswaarskrif laat ingedien is, is omdat die beswaarde van oortuiging was dat terwyl die saak die Kuratore raak, die Beswaarskrif eers op die tafel van die Kuratore bespreek moet word en daarna na die Sinode deurgestuur moet word. Op die vergadering van die Kuratore is gevra of die professor hom nie eers na sy Kerkraad moes wend nie. Die gedagte is ook uitgespreek dat hy hom direk na die Sinode moes wend omdat professore aan alle gemeentes gelyklik verbonde is.

Die beswaarde versoek die Sinode om hierdie beswaar in die lig van die besluite van die Kuratore in die Aanvullende Agenda vir behandeling op te neem.

1. Beswaar teen die omskrywing van die aard van die Kuratorium

1.1 Sinodebesluite (1991:506) waarteen beswaar gemaak word:
"5.1.2 *Synodus contracta* dui 'n vergadering aan van meer kerke deur minder afgevaardigdes met 'n agenda wat tot een bepaalde saak of sake beperk is en wat kerke andersins in gewone meerdere vergaderings volgens KO, art.29 sou behartig het.
Besluit: Goedgekeur.
5.13 'n Synodus contracta en 'n kombinasie van kerke berus op dieselfde kerkregtelike beginsels as meerdere vergaderings, omdat meer kerke daarin saamkom om op 'n bepaalde wyse 'n bepaalde taak (waartoe hulle ooreengekom het) uit te voer, met behoud van die reg tot appèl na die volle Sinode.
Besluit: Goedgekeur.
5.1.4 Die Kuratoriums en Beroepingsvergaderings konstitueer soos meerdere vergaderings maar met 'n beperkte afvaardiging en 'n beperkte agenda. 'n Begrip soos "synodus contracta" mag nie daartoe lei dat so 'n vergadering buite sy bevoegdheid (KO, art.30) gaan en oortree op die terrein van die vergaderings volgens KO, art.29 nie.

Besluit: Goedgekeur.
5.1.5 Dat in die Reglemente van die Teologiese Skole en in die Sinodebesluite verskillende benamings (soos onder andere *synodus contracta*) vir Kuratoriums en Beroepingsvergaderings voorkom, word nie as 'n inherente teëspraak beskou nie - indien daarmee verstaan word dat die kerke deur die Kuratoriums en Beroepingsvergaderings volgens KO, art.30 hulle regeringsverantwoordelikheid van *voorsiening vir, sorg van* en *toesig* oor die diens vaan predikantopleiding (KO, art.4) gesamentlik uitvoer.
Besluit: Goedgekeur."
Later (Acta, 1991:731) word egter gestel dat "die Kuratorium in wese 'n gekombineerde vergadering is met die oog op die beroeping, versorging en toesig oor die professore....
Besluit: Goedgekeur."
1.2 Beswaar: *Die Sinode het verwarrende en onkerkregtelike besluite geneem.* Op die Sinode van 1939 word gestel dat "die Kuratore oorspronklik byna die enigste deputaatskap was..." (p.212). Hulle was Deputate met 'n besondere mandaat. As Deputate van blywende aard word dan o.a. die Kuratore genoem met 'n bepaalde opdrag (Acta 1939:231-4).
Die Sinode van 1942 gee weer aandag aan deputaatskappe. Hulle naam, werksaamhede, noodsaaklikheid, stemreg, verkiesing, ens., word beskrywe. "Die Kuratore is deputate van die Sinode ter behartiging van die belange van die Teol. Skool van die Geref. Kerk in Suid-Afrika" (p.122-124).
Uit bogenoemde is dit duidelik dat die verskillende Sinodes verskillende uitsprake oor die aard van die Kuratore gegee het. Die verwarring ten opsigte van wat die Kuratorium is, is nog nie opgelos nie. In 1866-69 is 'n Kommissie en later 'n Kollege van Kuratore saamgestel uit die diensdoende predikante en afgevaardigdes van die state. Die kerke het gesamentlik oor die opleiding beslis maar omdat die kerklike vergadering (Sinode) nie altyd in sitting was nie, is die Kuratorium met 'n besondere mandaat saamgestel om die taak van die Sinode te voltooi. Hulle het nie die Sinode vervang nie en kan as Deputate beskou word. Hierdie siening word gehuldig in 1939 waarin 'n Rapport oor die Kuratore gedien het. Ter inleiding word verwys na 'n artikel van prof. J.A. du Plessis in 1933 in *Die Kerkblad* geskrywe het waarin hy oor die eise wat aan Deputate gestel moet word. Sowel die Sinodes van 1939 en 1942 het die Kuratore as Deputate beskou. Op die Sinode van 1988 word vasgestel dat die Kuratorium soos 'n gekombineerde vergadering van kerke funksioneer (Acta 1982:535). Die Sinode erken dat 'n keuse gemaak moet word tussen synodus contracta en deputate (KO, art.49) en besluit dat die Kuratorium 'n voortdurende gemeenskaplike verantwoordelikheid

het en dat dit 'n reëling is wat op die beginsel van kombinasie berus. In wese funksioneer die kerke in hierdie saak as 'n kombinasie van kerke en dit word uitdruklik verklaar dat die Kuratore nie 'n synodus contracta of deputate volgens KO, art.49 is nie (Acta 1988:533).
In 1991 besluit die Sinode dat "synodus contracta" 'n vergadering van meer kerke aandui wat deur minder afgevaardigdes gehou word en wat 'n agenda het wat tot een bepaalde saak of bepaalde sake beperk is soos wat kerke andersins in gewone meerdere vergaderings volgens KO, art.29 sou behandel. (Van Dalsen het in sy verhandeling [1981:139] ook tot die konklusie gekom dat die Kuratorium kerkregtelik 'n synodus contracta is.) Die Reglemente van die Teologiese Skole en Sinodebesluite kon wel van verskillende benamings gebruik maak (onder andere van synodus contracta), maar dit sou nie inherent as 'n teëspraak beskou word nie - indien daarmee verstaan word dat die kerke deur die Kuratorium volgens KO, art.30 hulle regeringsverantwoordelikheid van voorsiening vir, sorg van en toesig oor die diens van predikantsopleiding (KO, art.4) gesamentlik uitvoer (vgl. Acta 1991:506).
Hierteen moet opgemerk word dat KO, art.29 egter nie van 'n synodus contracta melding maak nie. Is 'n synodus contracta en Sinode in wese nie maar dieselfde soort vergadering nie? Waar pas die Kuratorium as synodus contracta of Sinode dan in? Waarom moet 'n Kuratorium as synodus contracta van al sy besluite aan die Sinode kennis gee? Dit gebeur tog nie by ander meerdere vergaderings nie? By al die ander kerklike vergaderings is daar 'n wisseling van voorsitters as daar meer as een predikant wettig aan so 'n vergadering verbonde is. Tans gebeur dit nie by die Kuratorium nie. By ander kerklike vergaderings is daar ouderlinge teenwoordig maar dit ontbreek by die Kuratorium. Daar is ook 'n wesenlike verskil tussen Sinode en 'n gekombineerde kerkraadsvergadering. Is die Kuratorium 'n deputategroep, 'n gekombineerde vergadering van kerke of synodus contracta?
1.3 Aanbeveling: Die Kuratorium het 'n dubbele karakter. Enersyds funksioneer die Kuratorium as 'n deputategroep met 'n bepaalde opdrag, maar andersyds (by beroeping, versorging, tug, ens.) as 'n vergadering van meer kerke aan wie die professore gelyklik verbonde is.
1.4 Motivering vir die aanbeveling:
* Christus is die hoof van die kerk (Ef 1:9, 22, 4:15, 5:23; Kol 1:18, 2:10, 19; Hand 15:16; Rom 12:4, 5; 1 Kor 12:12, 27-28). Hy regeer die kerk deur sy Woord en Gees. God het sommige in die gemeente gestel: apostels, profete, leraars, kragte... (1 Kor 12:27; Ef 4:11). Die ampte van hulle wat geroep is, is alleen om die gesag van die Koning te bedien (vgl. Van Dalsen, 1981:1).

Hiervan was die kerke as uitverkorenes en as gemeenskap van gelowiges terdeë bewus. Geen apostel of pous of wie ook al het in die plek van Christus gekom nie. In geen meerdere vergadering het enige moderator of voorsitter enige voorskrywende regeringsbevoegdheid nie. Die Gereformeerde Kerke het daarom ook gewaak dat daar geen persoon of liggaam van permanensie verkry waarin 'n persoon of liggaamlik (of Kuratorium) in die versoeking kom om meer van hom- of hulleself te dink as waarvoor hulle geroep is nie. Die gevaar word altyd groter by meerdere vergaderings. So moes voorsitters self wissel. Is 'n toerbeurt van bekwame voorsitters in alle gevalle, ook by die Kuratore nie die regte weg nie? Die kontinuïteit van die besluitneming lê nie in mense, predikante of ouderlinge nie maar in die regering van Christus deur sy Woord en Gees.

* Die plaaslike kerk word beskou as die selfstandige, sigbare openbaring van die liggaam van Christus. Hierdie uitgangspunt berus op die Nuwe Testament waar feitlik slegs van sulke plaaslike gemeentes (kerke) melding gemaak word (vgl. Kerkordeboekie, 1979:12). 'n Kuratorium kan dus nie as 'n (kontrakte) Sinode beroep of tug nie maar as 'n kombinasie van kerkrade.

* As Deputate kan die Kuratore afhandel wat die Sinode aan hulle gemandateer het.

2. Beswaar teen die samestelling van die Kuratorium

2.1 *Sinodebesluit (1988:535) waarteen beswaar gemaak word:*

"2.5.1.1 *Nadere kwalifisering en verduideliking*. '"n Kuratorium behoort uit die geskikste bedienaars van die Woord saamgestel te word..." en as motivering word bygevoeg "Die rede vir die *afwesigheid* van *ouderlinge* word verklaar uit die feit dat die aksent van die werksaamhede feitlik uitsluitlik op die terrein van teologiese opleiding lê. Dit is 'n terrein wat uiteraard die beste deur predikante gedien kan word (vgl. 2 Tim 2:2; KO, art.16).

Besluit: Goedkeurend kennis geneem."

2.2 Beswaar: *Hierdie besluit druis in teen die Skrif en KO*. In 2 Tim 2:2 word 'n bepaalde uitspraak wat Paulus ten opsigte van Timoteus gemaak het, vertolk asof net predikante geskikte broeders kan kies om ander op te lei. Christus was (en is nog) self die leermeester van die wat Hy geroep het om die evangelie uit te dra (Joh 13:13; Matt 28:19, 20). Paulus het sy boodskap aan Timotheus toevertrou (1 Tim 1:18, 4:6-16) en hy vra dat die onderrig voortgesit moet word (2 Tim 2:2). Die opleiding van predikante is 'n noodsaaklikheid maar die Nuwe Testament gee geen voorskrifte van hoe die verdere onderrig moet geskied nie. Die kerke het die verantwoordelikheid, maar dit word nie gesê hoe die kerke moet saamkom nie. Vergelyk verder Handelinge 15. Hier word nie 'n sinodale vergadering beskrywe nie. As deel van

die openbaringsgeskiedenis word 'n strydpunt wat in die kerk Jerusalem ontstaan het, beslis op 'n vergadering van die apostels en ouderlinge, Petrus, Barnabas en Paulus (Paulus en Barnabas was deur die kerk Antiogië "afgevaardig") het spreekbeurte gehad en daarna het Jakobus, die broer van die Here, 'n voorstel ingedien (15:19-20) waarop die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente (die broeders, vgl. 15:23) eenparig 'n besluit geneem het. Die besluit was heel besonders omdat dit 'n geïnspireerde besluit was..." die Heilige Gees en ons het besluit..." Gewoonlik word hierdie samekoms te Jerusalem as model vir die samestelling van Sinodes geneem. Wat in Jerusalem gebeur het, het egter 'n heel besondere karakter waarmee altyd rekening gehou moet word. Daarom bepaal die KO in artt.37, 41 en 50 dat daar altyd 'n gelyk getal ouderlinge na meerdere vergaderings afgevaardig moet word. Die ouderlinge word in die Sinodebesluit van 1988 leke gemaak en die motivering klink, om die minste daarvan te sê, Rooms. Onderrig, finansiële aspekte en gewone siviele sake wat soms baie in die opleidingsituasie ter sprake kom, kan beter deur kundige ouderlinge of persone as deur predikante gedien word. As verder in gedagte gehou word dat die Gereformeerde Kerke in die beginjare feitlik net deur ouderlinge gedien was, is dit ironies dat daar na 'n predikante-kerk beweeg word. Vergelyk hier die kritiek van prof. L. Floor (*IDS*, 1996:397).

2.3 Aanbeveling: Die Sinode benoem 'n gelyk aantal predikante en ouderlinge of geskikte persone om die Kuratorium saam te stel.

2.4 Motivering: Die roeping van ouderlinge in die samestelling van meerdere vergaderings of deputategroepe is reeds (2.2) gemotiveer. 'n Deputategroep hoef nie noodwendig uit ouderlinge te bestaan nie. Kundige gemeentelede in Potchefstroom en elders kan tot groot diens wees (vgl. Hand 15:23).

3. Beswaar teen die uitsluiting van die professore as volle lede van die Kuratorium

3.1 *Sinodebesluit (1991:507) waarteen beswaar gemaak word:*

"5.1.7 Professore is nie afgevaardigdes vir 'n bepaalde regeertaak wat die kerke gesamentlik uitvoer nie; hulle is derhalwe nie deel van die Kuratorium of Beroepingsvergadering nie. Hulle kan, volgens die oordeel van die genoemde vergaderings, wel vir informasie en advies teenwoordig wees.

Besluit: Goedgekeur."

3.2 Beswaar: *Die regeertaak wat aan alle predikante as opsieners eie is, word van die professore ontneem.* Paulus het sy boodskap aan Timoteus toevertrou (1 Tim 1:18, 4:6-16) en hy vra dat die onderrig voortgesit moet word (2 Tim 2:2). Die inhoud van die onderrig is die geïnspireerde Woord van die apostels en profete waarvan Christus self die hoeksteen is (Ef 2:20). Die leer moet

suiwer oorgedra word (Gal 1:8). In die opleiding is daar sekere besluite oor die inhoud van die onderrig (sillabi) en die studente (hulle toelating, vordering, uitskakeling) wat geneem moet word. Dit is juis die professore wat daagliks met die onderrig en navorsing te doen het wat die probleme in die teologie en met betrekking tot die studente die beste ken. Tans word alle besluitneming oorgelaat aan die Kuratore wat maar 'n enkele kere per jaar hierheen kom. Prakties gesien kan hulle as Deputate op die Kuratore dien of as predikante wat gelyklik aan alle kerke verbonde is. Die regeertaak van die professore kan ook die groot las van sommige Kuratore verlig en daarby ook die onkoste wat dit vir die kerke meebring, verminder.
Die motivering dat "hulle nie afgevaardigdes ... is nie" is van reglementêr tegniese aard en kan maklik anders geformuleer word as in ag geneem word dat die professore ook 'n regeertaak het.
Hier moet 'n belangrike vrees besweer word, naamlik dat die professore met dwaalleer kan begin was so gou moontlik in die kiem besweer moet word. Indien daar egter dwaalleer sou voorkom sou dit eerste in die Skool self opgemerk of onder aandag kom. Dit kan moeilik voorgestel word dat die professore wat geroepe dienaars van die Woord is, (en wat met 'n goeie gewete voor God die Ondertekeningsformulier vir die Professore onderteken het) skielik sou saamsweer om gesamentlik sekere dwalinge te propageer. Daarby kom die Kuratore ten minste elke ses maande byeen om by eksaminasie teenwoordig te wees en hulle het die reg tot insae in alle skriftelike eksamens wat afgelê is. Dit het in die verlede ook gebeur dat by dwaling juis die professore nader geroep is om advies te gee.
3.3 Aanbeveling: Aan die professore word volle sittingsreg op die Kuratorium en die Beroepingsvergadering gegee behalwe insake wat die eie persoon raak (KO, art.33).
3.4 Motivering: Reeds in 3.2 gegee.

D. Ds. S.D. Snyman rapporteer namens die Kommissie.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE:

1. Opdrag

Beswaarskrif met betrekking tot die aard, samestelling en die plek van die professore op die vergadering van die Kuratore (Prof. F.N. Lion-Cachet).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

2.1 Daar is aan die Beswaarde en aan ander lede van die Sinode geleentheid gegee om die kommissie te spreek.
2.2 Die Beswaarskrif bestaan uit drie dele, nl.

2.2.1 Beswaar teen die omskrywing van die aard van die Kuratorium.
2.2.2 Beswaar teen die samestelling van die Kuratorium.
2.2.3 Beswaar teen die uitsluiting van die professore as volle lede van die Kuratorium.
2.3 Elke deel van die Beswaarskrif bevat die besluit waarteen beswaar gemaak word, die beswaar met sy beredeneringe, 'n aanbeveling en 'n motivering.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beredenering van Beswaar 1

3.*1 T.o.v. die Beswaar 1.2*

Verskillende besluite deur die jare oor die Kuratoriums reflekteer die kerke se worsteling oor hierdie uitsonderlike vergadering. Uiteindelik is daar sedert 1979 spesiale studie gedoen om duidelikheid te kry oor die vraag wat presies 'n Kuratorium is. Die besluite van 1991 is die uitvloeisel hiervan. Hierdie besluite (van 1991) is duidelik, kerkregtelik gemotiveerd en is die besluite wat nou van krag is. Vorige Sinodes se besluite oor hierdie saak, bv. die van 1939 en 1942, is in ag geneem en verdiskonteer in die studie en besluite.

3.*2 T.o.v. die aanbeveling 1.3*

Die gedagte dat Kuratore enersyds as Deputate funksioneer, word deur die Sinode van 1991 op goeie gronde weerlê. Kuratore word anders as deputate saamgestel (nl. deur afvaardiging vanaf 'n mindere vergadering) en funksioneer anders (het eie regeer- en besluitbevoegdheid). Die samestelling en mandaat van Kuratore maak dat hulle nie deputate is nie. (Acta 1991:502-3, 4.6 - 4.7; Acta 1991:506, 5.1.4 - 5.1.5).

3.3 *T.o.v. die motivering 1.4*

3.3.1 Die feit dat Christus die Hoof van die kerk is en dat kerke moet waak teen menslike heerskappy, is waar en geldig. Dit geld vir elke kerklike vergadering en vir deputategroepe. Dit bewys egter nie dat dit verkeerd is om die aard van 'n Kuratorium as 'n vorm van *synodus contracta* te beskou nie. Kuratoriums behoort dit te oorweeg om soos ander meerdere vergaderings, by hernude samestelling 'n ander voorsitter te kies.

3.3.2 Die Kuratorium is inderdaad as deel van die beroepingsvergadering ("Breër Kuratorium") 'n gekombineerde vergadering, soos wat die beswaarde wil hê dat dit moet wees. Die Kuratorium en Beroepingsvergadering is 'n bepaalde manier waarop kerke kombineer en waarheen hulle afvaardig, o.a. met die oog op beroeping en tug (Acta 1991:503, 4.4 - 4.5, 4.8 en 4.10).

3.3.3 Die Kuratore kan nie as deputate funksioneer nie, as gevolg van die wyse waarop hulle saamgestel is en omdat hulle t.o.v. hulle (beperkte) agenda 'n eie regeer- en besluitbevoegdheid het.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 3.

4. Beredenering van Beswaar 2

4.1 *T.o.v. die Beswaar 2.2*

Die besluit van Sinode '88 word aangevul deur die besluit van Sinode 1991:506, 5.1.6, wat reël dat ook ouderlinge afgevaardig kan word na die Beroepingsvergadering, wat professore beroep. Dit is dus nie die standpunt van ons kerke dat slegs predikante geskikte broeders kan kies om ander op te lei nie. Die Sinodes het wel geoordeel dat Kuratorewerk (o.a. behartiging van alle belange van die TSP) die beste uitgeoefen kan word deur predikante, wat tot die besondere leerdiens geroep is, en daarom is besluit dat predikante as Kuratore afgevaardig behoort te word (vgl. ook Acta 1991:504, 4.13). Hierdie besluit maak ouderlinge nie leke nie, maar toon gemotiveerd aan waarom vir hierdie buitengewone vergadering nie alles presies soos vir gewone meerdere vergaderings gedoen word nie. Die besluit reël die manier waarop hierdie bepaalde kerkregeringtake die beste uitgevoer kan word (vgl. visitatore in art. 44 KO). Die handelinge van die Kuratorium kan in elk geval by 'n Nasionale Sinode getoets word, waar wel ouderlinge teenwoordig is.

4.2 *T.o.v. aanbeveling 2.3 en motivering 2.4*

Dit is reeds hierbo beantwoord.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 4.

5. Beredenering van Beswaar 3

5.1 *T.o.v. Beswaar 3.2*

Al is professore nie afgevaardigdes nie, word hulle nie hulle besondere vorm van deelname aan die kerkregering ontneem as hulle nie keurstem op vergaderings het nie. Christus regeer deur Sy Gees en Woord, en juis deur die professore se Skrifuitleg (advies) op vergaderings neem hulle in hulle diens (KO art. 18) deel aan die kerkregering. Ook 'n predikant word - wanneer hy net met adviserende stem by 'n Klassis teenwoordig is (KO art. 42) - nie daardeur sy "regeertaak" ontneem nie.

5.2 *T.o.v. aanbeveling 3.3*

Volgens die beginsel van art. 2 KO en volgens art. 41 KO kan professore nie na meerdere vergaderings afgevaardig word nie, en kan dus nie aan die versoek voldoen word nie.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 5.

6. Bevinding

6.1 Die beswaarde toon nie aan dat Sinodes 1988 en 1991 in sy besluitneming oor die aard, samestelling en plek van professore op die Kuratorevergaderings teen die Skrif en die daarop begronde Gereformeerde kerkregering, soos beliggaam in die Kerkorde, gehandel het nie.

Besluit: Goedgekeur.

7. Aanbeveling

7.1 Dat die Beswaarskrif t.o.v. al drie besware nie slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

26.6 DIE VOLGENDE BESLUITE INSAKE TEOLOGIESE OPLEIDING IS GOEDGEKEUR OP SINODE MIDDELLANDE 8 TOT 10 FEBRUARIE 1994 (HANDELINGE:45, ART.35)
(Artt.98, 182)

A. Dr. S.J. van der Merwe lig die besluite toe.
B. **Besluit:** Verwys na Kommissie Teologiese Skool.
C. Ds. P.J. van der Walt rapporteer namens die Kommissie.
D. BESLUITE VAN SINODE MIDDELLANDE

1. Die Sinode bedank die GKSA vir die besluite deur hulle geneem veral omdat dit die eenheid en medeverantwoordelikheid vir opleiding nou ten volle moontlik maak. Die Sinode beklemtoon dat dit 'n eenwording van die TSP en HTS is en nie bloot 'n sluiting van die HTS nie.
2. Die Sinode aanvaar medeverantwoordelikheid vir die TSP en sal binne vermoë finansieel bydra.
3. Die Sinode versoek die Kuratore TSP om toe te sien dat die eie karakter van die HTS, veral sy gerigtheid op die uitdra van die Evangelie, nie verlore gaan in die eenwording nie. Daar moet aan die sake (soos genoem in punte 10.2 tot 10.17 van die Rapport van die Deputate vir verdere ondersoek na die voortbestaan van HTS en eenheid van opleiding) dringende aandag gegee word.
4. Die Sinode benoem 2 Kuratore en 2 lede vir die Beroepingsvergadering van die TSP.
5. Die Sinode dra self die reiskoste van hulle Kuratore en lede van die Beroepingsvergadering.
6. Die Sinode beraam R1.00 per jaar vir Teologiese Opleiding en onderneem om 'n minimum van R10 000 per jaar aan die TSP te gee. Dit kan ook vir beurse gebruik word.
Besluit: Verwys na die Finansiële Kommissie.
Die Finansiële Kommissie beveel aan:
Die Deputate mag net oorbetalings aan die TSP doen wanneer daar genoegsame fondse beskikbaar is. Die Sinode stel die ideaal van R10 000 per jaar.
Besluit: Goedgekeur.
7. Die Sinode vra drie verpligte kollektes per jaar van elke kerk vir die Beursfonds van die Teologiese studente.
8. Die Kuratore van Sinode Middellande kry opdrag om indringend te kyk na die beurse van studente en die implikasies van eenwording vir die Beursfonds. Verkieslik moet 'n Kurator van Sinode Middellande ook op die Beurskommissie sitting hê. Primêr is dit die verantwoordelikheid van die kerke om te sorg vir teologiese studente wat deur hulle ondersteun word (KO, art.19), maar dit ontken nie die verantwoordelikheid wat studente self vir hulle studie moet onderneem nie. Bestaande ongesonde praktyke, waar vir alles geld geleen en gevra word, moet uitgefaseer word.

Daar kan eerder groter meriete-toekennings vir akademiese prestasies gemaak word.
9. Die Senaat HTS en TSP word gevra om indringend aandag te gee aan die studente se kennis van Afrikaans en Engels sodat hulle maklik die lesings kan volg.
10. Die Senaat TSP word gevra om veral die BA-studente intensief te begelei en by te staan in die nuwe situasie.
11. Die Sinode stel matriekvrystelling as 'n voorwaarde vir toelating tot propedeutiese studie te TSP. Vir diegene wat nie oor matriekvrystelling beskik nie, moet 'n oorbruggingskursus ondersoek word.
12. Die Sinode oordeel dat die toelatingsvereistes vir alle teologiese studente by die TSP gelykwaardig moet wees. Die Sinode is egter van oordeel dat tydens die oorgangsituasie (tot 1997) studente uit die ressort van Sinode Middellande hulle studie volgens die huidige toelatingsvereistes van die HTS (Grieks 2 en Set 20) kan voltooi.
Sonder om 'n finale oordeel daaroor uit te spreek, oordeel die Sinode dat uiteindelik aan die volgende toelatingsvereistes vir teologiese studie aan die TSP voldoen behoort te word: Grieks 2; Set 2; Filo 1; Byb iii (maar met die moontlikheid om dit as hoofvak te neem); Spes Duits vir Afrikaanstaliges en Praktiese Afrikaans vir Afrikataliges. Die Sinode betwyfel die wenslikheid van Latyn I maar Spes Latyn mag oorweeg word. Die Sinode onderhandel hieroor met die Kuratorium TSP en die PU vir CHO.
13. Die Kuratore kry opdrag om fondse in te samel vir beurse vir studente.
14. Die Sinode versoek die Kuratorium om alle kerke in Potchefstroom (waar van die studente gaan woon) te versoek om te help met huisvesting en om die studente besonder te begelei.
15. Die Sinode versoek Sinode Potchefstroom 1997 om solank as wat die huidige samestelling van meerdere vergaderings geld, dat Sinode Middellande 16 predikante en 16 ouderlinge sal afvaardig om gesamentlik met die Sinode Potchefstroom tydens hulle sitting alle sake rakende opleiding te behandel en af te handel.
16. Die Kuratore kry opdrag om gesamentlik met die Kuratore TSP toesig te hou oor die opleiding te Batho-Bathostad en in Natal soos Sinode Potchefstroom 1994 besluit het dat die Kuratore HTS sal doen.
Besluit: Goedgekeur.

Besluit:

1. Van die inhoud van die hierdie dokument word met dank kennis geneem.
2. Punt 15 word verwys na die Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes.

26.7 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL - KURATORE EN TRANSFORMASIEPROSES (Artt.45, 182)

A. Ds. G.J. van Wyk lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Teologiese Skool
C. Ds. P.J. van der Walt rapporteer namens die Kommissie.
D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode van die GKSA gee opdrag aan die Deputate Christelike Onderwys: PU vir CHO om (in die lig van die verhouding tussen die PU vir CHO en die GKSA en in die lig van die feit dat die PU vir CHO en TSP twee onderwysinrigtings is wat in 'n simbiotiese verhouding verkeer)
* Pro-aktief en reformerend aan beraadslagings van die transformasieforum van die PU vir CHO deel te neem en insette te lewer, sonder om daardeur die GKSA te bind aan besluite wat tydens die proses geneem word.
* Die volgende Sinode te adviseer oor die implikasies van verwikkelinge op die onderwysterrein vir die verhouding tussen die PU vir CHO en die GKSA.

Besluit: Die Sinode gee gevolg aan die Beskrywingspunt nadat enkele wysigings aangebring is (wysigings reeds aangebring - Deputate Handelinge).

27. RAPPORT VAN KOMMISSIE VIR DIE BENOEMING VAN DEPUTATE (Art.245)

A. Dr. D.J.S. Steyn stel die Rapport.
B. RAPPORT:
1. Opdrag: Vergelyk Rapport Deputate vir programmering.

2. Aanbeveling
2.1 ADMINISTRATIEWE BURO (Bestuur van)
Voorsitter: Dr. B.J. de Klerk
Skriba: Direkteur Admin. Buro
Lede: Dr. J.L. Ras (Kuratore), ds. L.H. van Schaik (Em. Fonds), prof. L.A. van Wyk, brr. G.J.H. Scholtemeijer, J. Greyling, L.P. Korsten, prof. Jan van Heerden (Publikasies), prof. T. Eloff, brr. G. Pilon* (Bellville) J.L. van Rooy (PU vir CHO)
Sekundi: Brr. P.J. van der Walt (Klerksdorp-Noord), P.J. van der Walt (Kemptonpark-Noord), dr. P. Lourens (Potch.-Oos)
* Op eie koste.
Art.169, Art.179, Art.223

2.2 ADVIES INSAKE APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE
Voorsitter: Ds. F.J. du T. Lessing
Skriba: Ds. P.A. Coetzee
Lede: Ds. J.C. Erasmus en een lid van elke Part. Sinode
Sekundus: Ds. R.M. van der Merwe
Adviseurs: Proff. A. le R. du Plooy, J.M. Vorster

2.3 AGENDA VAN NASIONALE SINODE
Voorsitter: Dr. C.F.C. Coetzee
Skriba: Direkteur van Admin. Buro
Lede: di. J.H. Howell, M.E. Schalekamp.
Sekundi: Ds. P.W.A. Mulder, oudl. J.P.L. Reinecke
Art.10

2.4 ALMANAK (Uitgee van)
Voorsitter: Dr. S.J. van der Walt
Skriba: Ds. M.E. Schalekamp
Lede: Ds. J.H. Howell, mev. W. du Plessis (Rekenmeester), dr. I.L.J. van Vuuren.
Sekundi: Prof. J. van der Elst, dr. A.H. Grové
Art.146, Art.223

2.5 BEWARING EN VERMEERDERING VAN DIE KERK
Voorsitter: Ds. E.J. Tiemensma
Skriba: Ds. W.C. Vergeer
Lede: Di. J.L. du Plooy, J. Oostenbrink, A. Myburg

Sekundi: Di. C.J.H. Breed, M.E. Schalekamp
Adviseurs: Proff. J.M. Vorster, C.J.H. Venter
* Telefoonvergaderings en skriftelike kommunikasie
Art.207

2.6 BREË KURATORIUM TSP
Part. Sinode Oos-Transvaal
Primi: Di L.H. van Schaik, D. Laufs
Sekundi: Di. F.J van Deventer, E.J. Tiemensma
Part. Sinode Wes-Transvaal
Primi: Drr. B.J. de Klerk, C.J. Smit
Sekundi: Ds. G.N.V. Botha, dr. S.J. van der Walt
Part. Sinode Noord-Transvaal
Primi: Ds. A. Myburg, dr. P.P. Kruger
Sekundi: Ds. L.D. Aucamp, dr. J. le Roux
Part. Sinode OVS en Natal
Primi: Di. D. Postma, P.A. Coetzee
Sekundi: Di. J.J. de W. Kruger, A.H. Klopper
Suidelike Part. Sinode
Primi: Di. R.G. Aucamp, J.L. du Plooy
Sekundi: Dr. A.N. Helberg, ds. W.J. Fourie
Part. Sinode Noordwes
Primus: Drr. F.R.P. de Bruyn, S.J. van der Merwe
Sekundi: Dr. A.H. Grové, ds. J.C. Erasmus
Part. Sinode Namibië
Primus: Ds. L.S.D. du Plessis
Sekundus: Ds. R.J.P. du Plessis

2.7 BYBELMEDIA
Voorsitter: Dr. F. van der Walt
Skriba: Ds. M.P. Hendricks
Lede: Di. J.L. Aucamp, K.A.J. van Rensburg
Sekundi: Di. J.L. du Plooy, H.P. Prinsloo
Art.149; Acta 1994:117, art.13.1, 2.2 en 3

2.8 BYBELVERSPREIDING
Voorsitter: Dr. M.J. du Plessis
Skriba: Ds. G.A. Hattingh
Lede: Di. J.J. de Jager, J.M. van Tonder
Sekundi: Di. J.J.L. Hope, P.A. Venter
Art.178

2.9 BYBELVERTALING
Voorsitter: Prof. J.C. Coetzee
Skriba: Dr. I.L. Bekker

Lede: Proff. G.J.C. Jordaan, J.J.J. van Rensburg, H.F. van Rooy, dr. A.G.S. Venter, prof. Jan Swanepoel
Sekundi: Prof. D. Wissing, ds. P.H. Fick, dr. P.J.J.S. Enslin
Art.178

2.10 CJBF
Voorsitter: Dr. F.R.P. de Bruyn
Skriba: Direkteur van Admin. Buro
Lede: Brr. SR. Kruger (Klerksdorp), T. Larney (Potchefstroom), J. Aucamp (Potchefstroom-Oos)
Sekundus: Ds. N.G. Laubscher
Art.128, Art.147, Art.181, Art.189, Art.202, Art.204, Art.218

2.11 CHRISTELIKE ONDERWYS VAN DIE GKSA
Voorsitter: Prof. J.L. van der Walt
Skriba: Ds. G.J. van Wyk
Lede: Prof. J. (Kobus) Mentz, ds. P.P. Kruger, prof. P.G.W. du Plessis, br. A. Juyn, ds. S.A. Cilliers
Sekundi: Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes) prof. J.J. Roelofse (Pretoria)
Art.134

2.12 CHRISTELIKE ONDERWYS : PU VIR CHO
Voorsitter: Dr. B.J. de Klerk
Skriba: Ds. J.H. Howell
Lede: Prof. E.J. Smit, dr. C.F.C. Coetzee, prof. W.J. Putter
Art.137, Art.182

2.13 DIAKONALE SAKE
Voorsitter: Ds. A.Z. Pelser
Skriba: Ds. P.W.A. Mulder
Lede: Ds. D.J. Bakker, br. C.J.H. Kruger (Waterkloofrand), Predikante van die ses gemeentes waar tehuise is en een deputaat, verkieslik 'n diaken, uit elk van die ses gemeentes hierbo genoem
Sekundi: Konsulente van die ses gemeentes hierbo genoem
Art.14, Art.223

2.14 EKUMENIESE AANGELEENTHEDE
Voorsitter: Dr. C.J. Smit
Skriba: Ds. B.C.G. Fourie
Lede: Dr. P.P. Kruger, ds. I.W. Ferreira, prof. B.J. van der Walt (IRS)
Sekundi: Di. J.P. Bingle, J.P.L. van der Walt, P. Venter (Rustenburg)
Adviseurs: Proff. J.M. Vorster, J.H. van Wyk
Art.197, Art.225

2.15 EMERITAATSVERSORGING/TRUSTEES PENSIOENFONDS
Voorsitter: Dr. D.J.S. Steyn
Skriba en Sekretaris: Ds. L.H. van Schaik saam met mev. W. du Plessis (Rekenmeester)
Lede: Ds. C. Aucamp, Direkteur Admin. Buro, brr. B.J. Kruger (Benoni-Noord), C.J.H. Kruger (Waterkloofrand), B.G. Kukkuk (Pta-Meintjeskop)
Sekundi: Br. S.R. Kruger (Klerksdorp), ds. J.H. Howell
Art. 103, Art.105, Art.106, Art.131, Art.163, Art.185, Art.189, Art.210, Art.224

2.16 EVANGELISERINGSMEDIA
Voorsitter: Dr. J.L. Venter
Skriba: Ds. C. Hattingh
Lede: Dr. H.G. Stoker, ds. N.W. Ligthelm, dr. M. Aucamp, ds. I.W. Ferreira
Sekundi: Di. B.C. Smit, P.G. Geertsema
Adviseur: Prof. F. Denkema
Art.204

2.17 GESPREK MET BINNELANDSE KERKE (NG, NH, AP KERKE)
Voorsitter: Dr. C.F.C. Coetzee
Skriba: Dr. S.J. van der Walt
Lede: Drr. J.L. Venter, N.P. Heystek, C.J. Smit
Sekundi: Di. S.D. Snyman, S.C. Vorster
Adviseur: Prof. A. le R. du Plooy
Art.162

2.18 GKSA SUSTENTASIEFONDS
Voorsitter: Ds. L.H. van Schaik
Skriba: Dr. S.J. van der Merwe
Lede: Een deputaat vir sustentasie van elke Partikuliere Sinode, Direkteur Admin. Buro
Sekundi: Mev. W. du Plessis (Rekenmeester), prof. L.A. van Wyk
Art.40, Art.124

2.19 HANDELINGE (Uitgee van)
Voorsitter: Skriba van Sinode (Ds. D. Postma)
Skriba: Adjunk-Skriba (Dr. C.F.C. Coetzee)
Lede: Dr. C.J. Smit, Direkteur Admin. Buro,
Sekundus: Ds. H.M. Grobler
Art.148

2.20 HERINDELING VAN PART. SINODES
Saamroeper: Partikuliere Sinode Oos-Transvaal
Lede: 2 Lede van elke Part. Sinode

Art.211
2.21 NUWE SKRIFBERYMINGS EN PSALMBERYMINGS*
Voorsitter: Prof. H.F. van Rooy
Skriba: Dr. A.G.S. Venter
Lede: Di. J.P. Bingle, Arnold H. Mulder, prof. P.G.W. du Plessis, ds. J.L. Myburg, proff. Heilna du Plooy, D. Wissing, sr. Jacoba van Rooy, dr. I.L.J. van Vuuren, proff. E.J. Smit, P.H. Roodt (Pretoria), P.W. Buys (met reg van koöptering)
*(1) Telefoon- en skriftelike kommunikasie
Art.176, Art.238

2.21A HERSIENING VAN TOTIUSTEKS
Prof P.W. Buys met die reg van koöptasie.
Art.236

2.22 JEUGSORG
Voorsitter: Dr. D.G. Breed
Skriba: Ds. B.R. Kingma
Lede: Di. B.C.G. Fourie, P. Lubbinge, H.P.M. van Rhyn, J.P.L. van der Walt
Sekundi: Di. G.M. Vogel, J. van't Zand, B.C. Smit
Art.166

2.23 KATKISASIE
Voorsitter: Dr. G. Breed
Skriba: Dr. J. le Roux
Lede: Di. D. Postma, A.L. Pelser, A.S. Heystek, C. Hattingh, J.M. van Tonder, S.C. Vorster
(A.g.v. omvang van Deputate - geen sekundi) (Deputate eis geen reiskoste nie)
Art.165

2.24 KERKARGIEF EN -MUSEUM
Voorsitter: Ds. D. Laufs
Skriba: Dr. P.J. Snyman
Lede: Brs. M.P.A. Coetsee, H. Prinsloo, een verteenwoordiger van TSV
Sekundus: Ds. N.G. Laubscher
Ere-argivaris: Prof. C.J.H. Lessing
Adviseur: Prof. J.M. Vorster
Art.16

2.25 KERKLIKE TYDSKRIFTE
Voorsitter: Prof. J.M. Vorster
Skriba: Dr. H.G. Stoker

Lede: Dr. C.F.C. Coetzee, mev. Ansie du Plessis (Redakteur: Vroueblad), dr. I.L.J. van Vuuren, prof. Jan van Heerden, prof. P.J. de Bruyn, Direkteur Admin. Buro, Redakteur: Kerkblad, sr. Mariana Venter
Sekundi: Prof. J.C. Geertsema, ds. J.H. Howell, br. Tom Larney, prof. Heilna du Plooy
Artt.199-202, Art.203

2.26 KERKORDEBOEKIE
Voorsitter: Ds. N.W. Ligthelm
Skriba: Ds. H.F. van Wyk
Sekundus: Ds. M.J. Smidt
Adviseur: Proff. A. le R. du Plooy, J.M. Vorster
Art.127, Art.136, Art.164, Art.168

2.27 KORRESPONDENSIE MET BUITELANDSE KERKE
Voorsitter: Dr. M.J. du Plessis
Skriba: Dr. G. Breed
Lede: Drr. H.G. Stoker, D.G. Breed
Sekundi: Di. H.F. van Wyk, P.H. Heystek, dr. P.P. Kruger
Adviseur: Prof. J.M. Vorster
Art.206, Art.226

2.28 KORRESPONDENSIE MET ANDER NASIONALE SINODES
Voorsitter: Ds. G.N.V. Botha
Skriba: Dr. D.G. Breed
Lede: Prof. J.H. van Wyk, ds. H.J.P. de Beer, prof. J.M. Vorster, di. S.D. Snyman,
C. Aucamp
Sekundi: Ds. A.L. Coetzer dr. B.J. de Klerk
Adviseur: Prof. A. le R. du Plooy
Art.136, Art.177, Art.180

2.29 KURATORE TSP
Part. Sinode Oos Transvaal
Primi: Dr. D.J.S. Steyn, ds. F.J. du T. Lessing
Sekundi: Dr. M.J. du Plessis, ds. J.P. Bingle
Part. Sinode Wes-Transvaal
Primi: Drr. C.F.C. Coetzee, A.G.S. Venter
Sekundi: Dr. B.J. de Klerk, ds. G.N.V. Botha
Part. Sinode Noord-Transvaal
Primi: Drr. J.L. Venter, N.P. Heystek
Sekundi: Drr. D.G. Breed, H.G. Stoker
Part. Sinode OVS en Natal
Primi: Di. P.J. van der Walt, S.D. Snyman
Sekundi: Di. J.J. de W. Kruger, P.A. Coetzee

Suidelike Part. Sinode
Primi: Drr. P.W. Bingle, F. van der Walt
Sekundi: Di. R.G. Aucamp, J.L. du Plooy
Part. Sinode Noordwes
Primus: Dr. J.L. Ras
Sekundus: Dr. F.R.P. de Bruyn
Part. Sinode Namibië
Primus: Dr. W.C. Opperman
Sekundus: Ds. L.S.D. du Plessis
Art.114, Art.132, Art.144

2.30 LITURGIESE SANG
Voorsitter: Ds. Arnold H. Mulder
Skriba: Ds. J. Venter
Lede: Proff. E.J. Smit, Fanie Jooste
Sekundus: Mev. Annatjie Verhoef.
Adviseur: Prof. H.P.A. Coetzee
Art.175, Art.237

2.31 NOODTOESTANDE
Voorsitter: Ds. G.N.V. Botha
Skriba: Ds. P. Fanoy
Lede: Direkteur van Admin. Buro, di. C.J.C. Roets, L. du P. van der Vyver, een diaken elk van Randburg en Noordrand
Sekundi: Di. F.P. Kruger, F.M. Dreyer
Art.227

2.32 PRE-ADVISERENDE KOMMISSIE VIR FINANSIES
Voorsitter/ondervoorsitter van Bestuur van Admin. Buro, Direkteur Admin. Buro. Elke Part. Sinode benoem een lid. Twee vakkundiges deur Bestuur van Admin. Buro benoem.
Sekundi: Deur Bestuur van Admin. Buro benoem

2.33 PROGRAMMERING VAN AGENDA
Voorsitter: Ds. L.H. van Schaik
Skriba: Ds. D. Lartz
Sekundus: Dr. J.L. Ras
Een lid soos deur elke Partikuliere Sinode benoem
Art.10

2.34 RADIO EN TV
Voorsitter: Ds. D. Laufs
Skriba: Ds. S.A. Cilliers
Lede: Ds. F.J. van Deventer, dr. P.P. Kruger, assistent-redakteur van *Die Kerkblad,* ds. L.D. Aucamp
Sekundus: Dr. J.L. Venter
Art.172

2.35 REGSAANGELEENTHEDE
Voorsitter: Prof. A. le R. du Plooy
Skriba: Prof. G. Pienaar
Lede: Adv. L. Vorster (Pretoria-Balie, Alkantrant), prok. L.M. du Plessis (Primrose), adv. Louis de Klerk (Pretoria-Balie, Pta-Brooklyn), adv. G.L. Grobler (Pretoria-Balie, Alkantrant), prok. S.C. Heystek (Vereeniging-Oos)
Sekundus: Prof. I. Vorster
Opdrag: Om Deputategroepe van die Nasionale Sinode GKSA in dringende en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien.
Art.17

2.36 ROEPENDE KERKRAAD : NASIONALE SINODE GKSA
Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord.

2.37 SKAKELING MET PROVINSIALE EN NASIONALE OWERHEID
Voorsitter: Dr. T. van der Walt
Skriba: Ds. C.G. van der Merwe
Lede: Ds. A.Z. Pelser, Direkteur van Admin. Buro, drr. P.W. Bingle, C.F.C. Coetzee, sr. Ansie du Plessis, ds. S.C. Vorster, dr. F.R.P. de Bruyn
Sekundi: Dr. C.J. Smit, sr. Marianna Venter
Adviseurs: Proff. A. le R. du Plooy, J.M. Vorster

2.38 STUDIE OOR GELOOFSBELYDENIS
Voorsitter: Dr. M.J. du Plessis
Skriba: Ds. P.H. Fick
Lede: Dr. F. van der Walt, ds. A.L. Coetzer
Sekundus: Ds. H. Dijkstra
Adviseur: Prof. J.H. van Wyk
*1. Telefoon en skriftelike kommunikasie 2. Vergader tydens Kuratoresitting
Art.220

2.39 TOEPASSING K.O. ART.66
Voorsitter: Ds. N.G. Laubscher
Skriba: Ds. W.C. Vergeer
Sekundi: Di. G.C. Verhoef, S.C. Grobler
Art.18

2.40 VEROOTMOEDIGING (DAG VAN)
Klassis Potchefstroom (Deur Algemene Sinode benoem)
Elke Nasionale Sinode moet ook twee lede benoem (vgl. besluit)

2.41 VERSOEK GEREF. KERK BRAKPAN-SUID
Die versoek van Geref. Kerk Brakpan-Suid word bewillig en verwys na die konsulent om saam met die kerkraad van Brakpan-Suid ‘n broeder uit te nooi om as amptelike Deputaat van die Nasionale Sinode, op die koste van die Kerkraad op te tree om ‘n afskeidswoord te rig tydens die emeritering van dr. J. Visser

2.42 VOORTGAANDE STUDIE OOR DIE NAGMAAL
Voorsitter: Ds. C. Aucamp
Skriba: Ds. J.P. Bingle
Lede: Prof. J.H. Grobler, drr. M.J. du Plessis, A.G.S. Venter
Sekundi: drr. T. van der Walt, A.H. Grové
Adviseurs: Proff. P.J. de Bruyn, G.J.C. Jordaan
Art.231

2.43 VROU IN DIE AMP
Voorsitter: Dr. C.F.C. Coetzee
Skriba: Dr. S.J. van der Merwe
Lede: Dr. F. van der Walt, ds. H. Dijkstra, dr. C.J. Smit, ds. S.D. Snyman
Sekundus: Dr. A.G.S. Venter
Adviseur: Prof. J.C. Coetzee
*Telefoon en skriftelike kommunikasie Reël vergaderings wanneer Kuratore vergader
Art.221, Art.222, Art.242

3. Verdere aanbevelings
3.1 Dat die volgende benamings deurgaans gebruik word: “Deputate : Noodtoestande” “Deputate : Bybelmedia” ens.
Opdragte waaroor besluit is na artikel 231 moet deur die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge onder die betrokke Deputategroepe aangeteken word.

Besluit: Die Rapport word soos gewysig goedgekeur (wysigings reeds aangebring - Deputate Handelinge).

Opdragte waaroor besluit is na artikel 231 van die Notule moet deur die Deputate vir die Uitgee van die Handelinge onder die betrokke Deputategroep aangeteken word.

28. DANKWOORD (Art.247)
Die Voorsitter bedank die volgende:
Bo alles : Die Here vir genade, onderskraging, leiding van die Heilige Gees.
Verder bedank hy:
- Die Roepende Kerkraad
- Die susters van Potchefstroom se kerke

- Die Direkteur, Admin. Buro
- Mevv. Wymie du Plessis en Corrie Postma
- Die kosters
- Die hele vergadering, Kommissies. Hy wens almal 'n geseënde terugreis toe en seën op hulle ampswerk.

Ds. P.J. van der Walt rig woorde van dank aan die Ondervoorsitter, Skriba en Adjunk-skriba.

Ds. A.Z. Pelser rig 'n besondere woord van dank en waardering aan die adres van die Voorsitter.

Die vergadering sing hom Ps.128:4 as seënbede toe.

29. SLOTWOORD (Art.248)
Dr. J. Visser neem die afsluiting waar. Hy lees Matt 13:10-17 en spreek besondere gedagtes uit oor vss.13 en 16. Hy doen 'n gebed en laat sing Ps.89:6 en 7.